

Die Suid-Afrikaanse komponis
Hendrik (“Henk”) Temmingh:
'n biografie en 'n katalogus van sy orrelwerke
deur
Willem Scholtz Luitingh

Die Suid-Afrikaanse komponis
Hendrik (“Henk”) Temmingh:
'n biografie en 'n katalogus van sy orrelwerke

deur
Willem Scholtz Luitingh

Voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir die graad
Magister in Musiek (Uitvoerende Kuns)
Departement Musiek
Universiteit van Pretoria

Studieleier: Prof. H.H. van der Mescht
Medestudieleier: Prof. W.D. Viljoen
Pretoria

Oktober 2010



UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Opsomming

Hendrik (“Henk”) Temmingh word vandag gereken as een van Suid-Afrika se mees toonaangewende orrelkomponiste. Hy het sy veelsydigheid bewys en veral gevestig geraak as ’n noemenswaardige figuur op die gebied van musiekwetenskap, improvisasiekuns en orrelmusiek.

Die doel van die studie is om aan te toon dat Temmingh se oeuvre ’n volledige katalogus van die orrelwerke regverdig en om so ’n dokument saam te stel. Om ’n volledige en juiste biografie van die komponis op te stel, word ’n verdere leemte gevul.

’n Oorsig van Suid-Afrikaanse orrelmusiek en komponiste gee ’n blik oor hoe, waar en in watter mate Temmingh funksioneer as ’n ware Suid-Afrikaanse komponis, alhoewel hy in Nederland gebore is. Addisionele inligting, veral nuwe data oor Suid-Afrikaanse orrelkomponiste soos geboorte- en sterfdatums, word in die dokument genoem. Suid-Afrikaanse komponiste word volgens herkoms en nasionaliteit in drie groepe ingedeel. Eie terminologie word hieraan toegeken.

Min bronne oor Temmingh is beskikbaar. Daarom is hierdie mini-verhandeling grootliks met die hulp van die komponis saamgestel. Die gebrek aan genoeg literatuur oor Suid-Afrikaanse orrelmusiek en -komponiste het ’n uitdaging gebied vir die skrywer.

Met behulp van die chronologiese katalogus van Temmingh se orrelwerke kan ’n onmiddellike oorsig van sy bydrae as orrelkomponis verkry word. Dit behoort musiekbiblioteke en orreliste te help om hulle onvolledige versamelings aan te vul. Hierbenewens sal die nuut-toegekende katalogusnommers ’n aanduiding gee van waar die betrokke orrelwerke chronologies by Temmingh se oeuvre inpas.

Sleutel terme

Henk Temmingh	orrelkonsert
katalogus	orelliteratuur
kerklid	orrelrepertorium
koraalvoorspel	orrelwerke
liturgiese orrelmusiek	solowerke vir orrel
orrelkomponis	Suid-Afrikaanse komponis
orrelkomposisie	

Abstract

Hendrik (“Henk”) Temmingh can be regarded as one of South Africa’s leading organ composers. He showed versatility and established himself as a significant figure in the field of musicology, improvisation and organ music.

The aim of the mini-dissertation is to show how Temmingh’s oeuvre justifies a complete catalogue of the organ works, and to compile such a document. Putting together an accurate biography of the composer, will fill another gap.

A survey of South African organ music and composers indicate how, where and to what extent Temmingh functions as a true South African composer, although he was born in the Netherlands. Additional information, especially new data regarding South African organ composers such as dates of birth and death, is mentioned in the document. South African composers are divided into three groups according to origin and nationality. Own terminology is allocated to these.

Few sources concerning Temmingh are available. Therefore this mini-dissertation was mainly compiled with the help of the composer. The scarcity of enough literature on South African organ music and composers was a challenge for the writer.

An immediate summary of Temmingh’s contribution as an organ composer can be obtained with the help of the chronological catalogue of Temmingh’s organ works. This will help music libraries and organists to supplement their incomplete collections. Apart from this, newly allocated catalogue numbers will give an indication of where the works concerned fit in chronologically in Temmingh’s oeuvre.

Key words

catalogue
choral prelude
Henk Temmingh
hymn
liturgical organ music
organ composer
organ composition

organ concerto
organ literature
organ repertory
organ works
solo works for organ
South African composer

Bedankings

My opregte dank aan prof. Heinrich van der Mescht, prof. Wim Viljoen, prof. Henk Temmingh, mev. Isobel Rycroft en my moeder, mev. Annette Luitingh, vir die geduld wat hulle aan die dag gelê het.

Die potloodskets van Henk Temmingh is deur Annette Luitingh gemaak.



LYS AKRONIEME

ATKV	Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging
DALRO	Dramatiese, Artistieke en Letterkundige Regte-organisasie
GKSA	Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika
KRUIK	Kaapse Raad vir die Uitvoerende Kunste
LOM	Liturgiese Orrelmusiek
PU vir CHO	Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys
RGN	Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing
SABC	South African Broadcasting Corporation
SAKOV	Suid-Afrikaanse Kerkorreliste Vereniging
SAMET	South African Music Education Trust
SAMRO	Suid-Afrikaanse Musiekregte-organisasie
SAMUS	South African Journal of Musicology
SAUK	Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie
SAVMO	Suid-Afrikaanse Vereniging van Musiekonderwysers
TRUK	Transvaalse Raad vir die Uitvoerende Kunste
UNISA	Universiteit van Suid-Afrika
UP	Universiteit van Pretoria
UPE	Universiteit van Port Elizabeth
Wits	Universiteit van die Witwatersrand

LYS TABELLE

Tabel 1	Data-opstelling in die Tsjaikofski-katalogus (<i>Tschaikovsky-Studio Institut International</i>).....	1-8
Tabel 2	Data-opstelling (komponis se verwerkings) in die Tsjaikofski- katalogus (<i>Tschaikovsky-Studio Institut International</i>).....	1-8



INHOUD

Opsomming.....	ii	
Abstract.....	iii	
Bedankings.....	iv	
Lys akronieme.....	v	
Lys tabelle.....	vi	
1	Inleiding.....	1-1
1.1	Agtergrond tot die studie.....	1-1
1.2	Literatuurstudie.....	1-1
1.3	Navorsingsvrae.....	1-2
1.4	Doelwit van die studie.....	1-3
1.5	Metodologie.....	1-3
1.5.1	Data-versameltegnieke.....	1-3
1.5.2	Katalogusnavorsing.....	1-3
1.6	Hoofstuk-indeling.....	1-9
2	'n Oorsig van gepubliseerde Suid-Afrikaanse orrelmusiek.....	2-1
2.1	Inleiding.....	2-1
2.2	J. Godschalk: <i>Oorsig van die gepubliseerde Suid-Afrikaanse solo orrelmusiek tot medio 1980</i>	2-2
2.3	Jacques P. Malan: <i>South African Music Encyclopedia (SAME)</i>	2-12
2.4	Opsomming.....	2-17
3	Henk Temmingh: 'n kort biografie.....	3-1
3.1	Inleiding.....	3-1
3.2	Henk Temmingh, die student.....	3-1
3.3	Henk Temmingh, die pedagoog.....	3-4
3.4	Henk Temmingh, die komponis.....	3-4
3.5	Henk Temmingh, die musikoloog en orrelis.....	3-12
4	Gevolgtrekking.....	4-1
4.1	Beantwoording van die subnavorsingsvrae.....	4-1
4.2	Beantwoording van die hoofnavorsingsvraag.....	4-2
4.3	Probleme ondervind tydens die studie.....	4-3
4.4	Voorstelle vir verdere studie.....	4-3
4.5	Slotwoord.....	4-4
BRONNELYS.....	B-1	
DISKOGRAFIE.....	B-7	
BYLAE: Katalogus van Henk Temmingh se orrelwerke.....	Kat-1	

HOOFSTUK 1

Inleiding

1.1 Agtergrond tot die studie

Henk Temmingh (gebore 1939) kan gereken word as een van Suid-Afrika se toonaangewendste orrelkomponiste. Ofskoon min Suid-Afrikaanse orreliste vertrouwd is met die komponis se *volle* bydrae ten opsigte van kerkmusiek, het hy tog bekendheid verwerf deur maklike, kort en bruikbare inleidings en koraalvoorspele vir die Suid-Afrikaanse kerkmusikus te verskaf. Benewens hierdie kosbare nalatenskap, bestaan daar ook heelparty ander orrelkomposisies vir konsertdoeleindes.

Tydens my voorgraadse studie by die Universiteit van Pretoria het ek gereeld kontak met hom gehad tydens sy hoofskap van die Departement Musiek, en het ek ook vertrouwd geraak met sy orrelmusiek. As pedagoog het talle orrelstudente deur die jare by hom onderrig ontvang.

Na my mening word te min Suid-Afrikaanse orrelmusiek plaaslik uitgevoer, ten spyte daarvan dat komponiste soos Temmingh steeds aktief is en gereeld orrelwerke, dikwels in opdrag, komponeer. Benewens 'n groot aantal gewyde en sekulêre orrelwerke, komponeer hy ook komposisies vir koor, stem en ander instrumente. Daar is ook verskeie orkeswerke waaronder drie concerto's tel.

Oorkoepelend word daar met hierdie studie gepoog om 'n bruikbare dokument saam te stel oor Henk Temmingh se gepubliseerde en ongepubliseerde orrelwerke tot op hede (2010).

1.2 Literatuurstudie

Tydens 'n soektog na akademiese literatuur oor die komponis, is gevind dat daar min inligting oor Temmingh bestaan. Dit is ten spyte van die feit dat hy as 'n bekende komponis gereken word en werksaam was by 'n aantal Suid-Afrikaanse universiteite. Literatuur wat handel oor Temmingh en sy werke is beperk tot 'n paar artikels en verwysings in boeke. *Musicus*, *Ars Nova*, *South African Journal of Musicology* (SAMUS), *Vir die Musiekleier* en *Standpunte* is 'n paar akademiese tydskrifte wat artikels van en/of oor hom gepubliseer het. Daar bestaan enkele transkripsie-

opnames wat die SABC gemaak het van gesprekke oor sy lewe en werk. Slegs een gedoseerde MMus-skripsie (B. Nagel, 2001, *Prof. Henk Temmingh*, MMus-skripsie, Universiteit van Pretoria) en twee webwerftuistes (samesteller: Alexander Johnson) met inligting oor die komponis kon gevind word. Daar is vasgestel dat <http://sacomposers.up.ac.za> tydens die indiening van hierdie mini-verhandeling nie meer bestaan het nie. Die ander webwerftuiste, <http://africancomposers.co.za>, is tydelik verwyder vir opdateringswerk.

Aangesien Temmingh nie sy werke aktief promoveer nie, beskik die Suid-Afrikaanse Musiekregte-organisasie (SAMRO), die Dramatiese, Artistieke en Letterkundige Regte-organisasie (DALRO), die South African Broadcasting Corporation (SABC) se musiekbiblioteek en ander biblioteke landswyd oor 'n beperkte aantal kopieë van sy werke. Die F.Z. van der Merwe-versameling ('n versameling van Suid-Afrikaanse musiek te vinde in die Africana-afdeling van die biblioteek van die Universiteit van Pretoria) beskik slegs oor die *Vier Taferele uit die Lewe van Jesus* vir gemengde koor, bariton, tenoor en orrel. Party van die vroeë orrelwerke is onverkrygbaar, aangesien die komponis dikwels die oorspronklike manuskripte aan die kliënt oorhandig het en nie kopieë daarvan gehou het nie. Toegang tot sy komposisies is dus beperk. Die data wat ingewin is, sal onder andere die volgende insluit:

- titel van die werk;
- dele waaruit die werk bestaan (indien van toepassing);
- die bestaande literatuur/tema(s) waarop die werk gebaseer is (indien van toepassing);
- plek en datum van voltooiing;
- deur wie dit gepubliseer, geset, gedruk of versprei is (indien van toepassing);
- vir wie dit in opdrag gekomponeer is (indien van toepassing); en
- besetting/instrumentasie.

1.3 Navorsingsvrae

Hoofnavorsingsvraag:

- Hoe kan 'n gedetailleerde katalogus van Henk Temmingh se orrelwerke saamgestel word? (Bylae)

Subnavorsingsvrae:

- Watter komponiste lewer 'n bydrae tot Suid-Afrikaanse orrelmusiek? (Hoofstuk 2)
- Wat is die belangrikste biografiese besonderhede oor die komponis Henk Temmingh? (Hoofstuk 3)

1.4 Doelwit van die studie

Die doel van hierdie studie is eerstens om 'n gedetailleerde katalogus van die gepubliseerde en ongepubliseerde orrelwerke van Henk Temmingh saam te stel. Sover bekend bestaan daar nog geen volledig uitgebreide katalogus van Temmingh se orrelwerke nie. Die feit dat Henderson (1999a: 584) slegs drie orrelkomposisies van Temmingh in sy *Directory of Composers for Organ* noem, is 'n verdere rede waarom 'n katalogus van die komponis se orrelwerke tot stand gebring moet word.

1.5 Metodologie

1.5.1 Data-versameltegnieke

Eerstens is aandag gegee aan alle moontlike geskrewe bronne wat inligting rakende die komponis verskaf. Soos dit sal blyk uit die bronnelys, lê die veld van navorsing oor Suid-Afrikaanse orrelmusiek bykans volledig braak. Tweedens is vrugbare gesprekke met die komponis gevoer, nadat daar deeglike kennis ingewin is oor die betrokke werke.

Beide gepubliseerde en ongepubliseerde partiture is geraadpleeg. Partiture is hoofsaaklik verkry vanaf die komponis, biblioteke en prof. W.D. (Wim) Viljoen. Deur middel van intensiewe ongestruktureerde onderhoude met die komponis is biografiese en musiekwetenskaplike inligting versamel. Die onderhoude is getranskribeer, geredigeer en ingewerk tydens die verloop van die studie.

1.5.2 Katalogusnavorsing

Verskeie katalogusse is geraadpleeg en bestudeer om vas te stel hoe en uit watter aspekte elkeen saamgestel is. Die nuut saamgestelde katalogus verskyn later as 'n bylae tot hierdie verhandeling.

Verskillende aanbiedinge ten opsigte van katalogus-opstelling is geraadpleeg. Boyd (1999: 537-583), byvoorbeeld, verskaf in die bylae van sy boek *Oxford Composer Companions: J.S. Bach* 'n volledige lys van Bach se werke. Hy verdeel die katalogus in 13 verskillende kategorieë in kolomvorm.

Opusnommers is veronderstel om komposisies chronologies te nommer; dienooreenkomstig moet die nommer elke werk kan identifiseer volgens die tydperk waartydens dit gekomponeer is. Dus bestaan die veronderstelling: hoe laer die opusnommer, hoe vroeër die komposisie. Bach het, soos die meeste van sy tydgenote, nie die noodsaaklikheid ingesien om sulke opusnommers aan sy komposisies toe te ken nie. Wolfgang Schmieder het eers in die 20ste eeu dit nodig geag om Bach se komposisies tematies te katalogiseer en het aan elke werk 'n unieke nommer toegeken (Sadie 1988: 120). So ontstaan die nommering van die BWV (Bach-Werke Verzeichnis). Boyd (1999) het sy kategorieë van Bach se werke gebaseer op dié van Schmieder, met addisionele inligting. Sy katalogus word hoofsaaklik volgens die BWV-nommers gerangskik en nie chronologies volgens datum nie. Dit lyk asof Boyd regstellings en byvoegings gemaak het ten opsigte van die plasing van sekere werke in sekere kategorieë. Aangesien Temmingh ook nie opusnommers by sy komposisies voeg nie, moet ander metodiek gevolg word om die komposisies ordelik te katalogiseer. Vanweë die feit dat Temmingh self datums by sy werke voeg om aan te dui wanneer die komposisie voltooi is, is dit uiteraard die logiese metode om dit chronologies volgens datum te rangskik.

Boyd (1999) verskaf 'n verduideliking van afkortings wat die inligting meer kompak laat vertoon. Data soos in watter ander versamelings die betrokke werke verskyn en waar die litografiese afdrucke verkry kan word, is nie van toepassing op Temmingh se gegewens nie.

'n Tematiese versameling van die gepubliseerde werke van Max Reger is in 1953 deur Fritz Stein opgestel. Hierdie Duitse dokument word in paragraaf-vorm aangebied. Die volgende data word verskaf:

- oorspronklike uitgawes;
- heruitgawes;
- wanneer en waar die werke gekomponeer is;

- eerste uitvoering;
- tydsduur;
- literatuurverwysings;
- opmerkings verskaf deur die komponis; en
- incipits van elke werk.

Omdat die hoofdoel van Stein se dokument die aanbieding van aanvangstemas is, het hierdie metode nie betrekking op hierdie navorsing nie.

Vier katalogus-inskrywings van Temmingh-werke verskyn in die *F.Z. van der Merwe- versameling* van Suid-Afrikaanse musiek van die Universiteit van Pretoria, soos opgeteken tot 31 Augustus 1994 (Liebenberg & Olivier 1994: 142). Slegs een hiervan is orrelmusiek, naamlik *Veertig Inleidings tot die Psalms en Gesange* (1980).

Die volgende data word verskaf:

- naam van komponis;
- geboorte- en sterfdatum;
- die titel van die werk/versameling van werke;
- watter jaar die werk gepubliseer is;
- tipe bergingsmetode; en
- nommer van lêer.

Hierdie katalogus het dit ten doel om Suid-Afrikaanse komponiste wie se musiek in die *F.Z. van der Merwe- versameling* beskikbaar is, alfabeties te lys. Min addisionele inligting word verskaf. Die oogmerk van die skrywer van hierdie mini-verhandeling, hierteenoor, is om soveel data moontlik te verskaf.

Die SAMRO-argiewe het goedgunstiglik hulle katalogus (SAMRO: 2009) aan my verskaf. Hiermee saam word 'n glossarium/woordelys uitgereik. Volgens die opsteller het die dokument ten doel om soveel moontlik informasie per individuele inskrywing te verskaf. Gevolglik word daar sinvolle data op 'n kompakte wyse voorsien.

SAMRO stoor musiek in lêers volgens roepnommers ("call no."). Subtitels en onderafdelings word met ST ("subtitle") en MT ("movement title"/"section title") aangedui. 'n Bruikbare metode om die outeur van die oorspronklike komposisie/

materiaal waarop die gelysde komposisie gebaseer is, aan te dui, is gebruik met die afkortings CA (“co-author”), BIB (“biblical”) en LIT (“liturgical”). Die opsteller se eie instrumentasie-sleutellys word verskaf. Daar is egter besluit om aanvaarde afkortings van slegs plekke, organisasies en versamelname in die nuut saamgestelde katalogus te gebruik.

SAMRO lys slegs werke wat beskikbaar is in hulle argief, daarom word afdelings soos kopie-tipe/kwaliteit, verwittigingsdatum en “dele in lêer” ingesluit. Die nuut saamgestelde katalogus se doel staan dus in kontras met die van die katalogusse van die *F.Z. van der Merwe-versameling* en SAMRO – dit moet data verskaf van die volledige orrel-oeuvre van die komponis.

Sekere data-afdelings word in SAMRO se katalogus inkonsekwent uitgelaat, wat die lees hiervan bemoeilik. Die inskrywings is alfabeties volgens die titels van die werke gerangskik. Dit is dus moeilik vir die leser om ’n chronologiese volgorde van die werke raak te sien. Die tydsduur van sekere werke word aangedui, so ook die aantal bladsye waaruit elke komposisie bestaan. Omdat die tydsduur van die meeste Temmingh-werke nie aangedui is deur die komponis self nie, word hierdie inligting uitgelaat in die nuut saamgestelde katalogus. Slegs twee orrelwerke se benaderde tydsduur word deur Temmingh self aangedui: *Kom dank nou* (maksimum 4 minute) en *Drie Orrelstukke* (± 11 minute).

In die tematiese katalogus van die werke van Sammartini volg Jenkins en Churgin (1976) min of meer dieselfde styl as Stein (1953) in sy katalogus van Max Reger se werke. Die werke van Sammartini is egter reeds voorheen gekatalogiseer. Dit blyk dat Sammartini se werke in talle onvolledige katalogusse opgeneem is. Verder kom dit aan die lig dat werke wat voorheen as outentieke Sammartini-werke beskou is deur Jenkins en Churgin onder verdenking geplaas word. Hulle verskuif diesulke werke na ’n bylae (“Appendix D”). Omdat daar geen twyfel oor die oorsprong van Temmingh se orrelwerke bestaan nie, is so ’n bylae in hierdie verhandeling nie van toepassing nie.

Jenkins en Churgin se inskrywings bevat die volgende inligting:

- toonsoort;

- nommer;
- besetting;
- aanvangstemas;
- datums;
- ander katalogusverwysings;
- manuskripbronne; en
- algemene opmerkings.

Omdat Temmingh nie opusnommers by sy komposisies voeg nie, word daar 'n unieke HTOW-nommer (Henk Temmingh Orrelwerke) aan elke solo-werk toegeken. Hierdie nommering sluit die koraalinleidings en -harmonisasies uit.

Michael Short maak 'n volledige studie van Gustav Holst se werke in sy boek *Gustav Holst (1874-1934) – A Centenary Documentation*. Hierin gee hy nie slegs 'n lys van die werke nie, maar ook onderskeidelik 'n geklassifiseerde asook 'n chronologiese lys van Holst se werke. Elke inskrywing het 'n M-nommer en word paragrafies van mekaar onderskei. Die titel word in hoofletters gedruk, waarna die subtitels ondermekaar numeries gelys word. Verskillende afdelings volg mekaar op. Indien die werk vokaal van aard is, word die digter/librettis genoem. Die instrumentasie word aangedui met afkortings. Die persoon/instansie aan wie die oorspronklike werk opgedra is, of wat die werk aangevra het, word telkens gedokumenteer.

Die afdeling “manuskrip” bevat inligting ten opsigte van:

- die grootte van en aantal bladsye;
- waar die kopie verkrygbaar is; en
- of dit in private besit is of nie.

Daar word ook aangedui of dit in die oorspronklike handskrif of deels in die oorspronklike handskrif is. Indien die musiek gepubliseer is, word die naam van die uitgewer met 'n datum aangedui. Sekere inskrywings bevat 'n afdeling waar volledige besonderhede van opnames van die betrokke werk verskaf word.

Short se Holst-katalogus is nie gerangskik volgens kategorieë nie. Dit maak die soektog na sekere komposisies moeisam. Die opusnommers word elders in die boek genoem, en nie by die werke self nie.

Onder redaksie van Jürgen Köchel het die *Tschaikovsky-Studio Institut International* in 1973 'n bruikbare katalogus van Tsjaikofski se werke opgestel. Die dokument word in landskapformaat aangebied sodat meer data langs mekaar geplaas kan word. Die afdelings is sinvol gerangskik.

Tabel 1: Data-opstelling in die Tsjaikofski-katalogus (*Tschaikovsky-Studio Institut International*)

opus	nommer	titel	datum van oorsprong	toonsoort	in opdrag vir / opgedra aan	eerste uitgawe en verskyning in die volledige uitgawe	plek van bewaring van die manuskrip

Vir Tsjaikofski se verwerkings van sy eie musiek word daar 'n ander formaat gebruik.

Tabel 2: Data-opstelling (komponis se verwerkings) in die Tsjaikofski-katalogus (*Tschaikovsky-Studio Institut International*)

oorspronklike kopie		toonsoort	verwerk vir	datum van verwerking	algemene opmerkings	eerste uitgawe en verskyning in die volledige uitgawe	plek van bewaring van die manuskrip
titel	besetting						

Die gebruik van kolomme help om alle komposisies eenvormig te rangskik, ofskoon sekere data onverkrygbaar/onbekend is.

Om 'n katalogus in sistematiese orde op te stel, moet die opsteller daarvan doelbewus volgens 'n stel reëls te werk gaan. Data moet dus duidelik genoem, benoem en noukeurig volgens sekere voorafbepaalde parameters gerangskik word. Die *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal* (Odendal 1991: 534) gee 'n goeie definisie van 'n katalogus:

Geordende naamlys van versamelde voorwerpe. *Katalogos* = Grieks vir "opsomming"/"lys". Verskillende tipes katalogi: 1. Alfabeties (volgens letters);

2. Sistematies (volgens afdelings); 3. Chronologies (volgens datums) en 4. Numeries (volgens nommers).

Die *Tschaikovsky-Studio Institut International* se aanbieding is sistematies en in kolomme gerangskik. Die konsekwente gebruik van parameters en chronologiese opeenvolging van inskrywings was die motivering om ook hierdie patroon te volg.

1.6 Hoofstuk-indeling

In Hoofstuk 2 word 'n bondige oorsig van die geskiedenis van Suid-Afrikaanse orrelmusiek en komponiste gegee. In aansluiting hiermee word 'n kort biografie van Henk Temmingh as Hoofstuk 3 ingesluit. Waardevolle inligting, wat onder andere deur die komponis self verskaf is, werp lig op aspekte soos waar hy vandaan kom, waar hy werksaam was en watter invloed op sy lewe en werk van toepassing is.

Die verhandeling word afgesluit met 'n samevatting in Hoofstuk 4. Benewens die navorsingsvrae wat beantwoord word, word 'n aantal karakteristieke kenmerke van Temmingh se toonspraak genoem wat tydens die opstel van die katalogus en gesprekke met die komponis opgeval het. 'n Terugblik na probleme wat tydens die navorsing ondervind is, help om aanbevelings saam te stel vir verdere studie.

Daar bestaan 'n behoefte aan betroubare, beskikbare inligting oor die onderwerp. Hierdie mini-verhandeling behoort in daardie behoefte te voorsien.

HOOFSTUK 2

'n Oorsig van gepubliseerde Suid-Afrikaanse orrelmusiek

2.1 Inleiding

Om 'n studie te maak van Suid-Afrikaanse orrelmusiek is problematies en beperk in vele opsigte, aangesien min bronne wat die betrokke inligting beskikbaar stel, bestaan.

Ek was genoodsaak om my grootliks te wend tot twee bronne, naamlik *Oorsig van die gepubliseerde Suid-Afrikaanse solo orrelmusiek tot medio 1980*, 'n BMus(Hons)-skripsie van J. Godschalk wat in 1981 voltooi is, en die *South African Music Encyclopedia (SAME)*, vier volumes) onder redaksie van J.P. Malan wat onderskeidelik in 1979, 1982, 1984 en 1986 vir die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN) gepubliseer is. Toevallig het Henk Temmingh as studieleier opgetree vir eersgenoemde dokument. Albei bronne bevat waardevolle inligting aangaande Suid-Afrikaanse orrelkomponiste tot en met die publiseerdatum. Die grootste verskil tussen *SAME* en Godschalk se skripsie, is seersekerlik die omvang daarvan. 'n Baie meer deurtastende studie is met *SAME* geloods. Godschalk spits hom toe op die onderwerp rakende gepubliseerde orrelkomposisies en die betrokke komponiste; dus loods hy 'n gespesialiseerde studie wat inligting insluit ten opsigte van die oorsprong, 'n kort bespreking daarvan en waar dit te vinde is.

Terwyl slegs twee persone (student en studieleier) verantwoordelik was vir die skripsie, bestaan die redaksiespan van *SAME* uit verskeie spesialiste in musiekwetenskap van regoor die hele Suid-Afrika. Weens *SAME* se alfabetiese rangskikking van komponiste, is die bron bruikbaar vir wye naslaandoeleindes. Godschalk gee 'n meer oorsigtelike maar beknopte blik op die chronologie van komponiste in Suid-Afrika. Sy tema-indeling maak dit uiters geskik vir universitêre navorsing. Godschalk se skripsie word ingedeel in twee afdelings, naamlik die gepubliseerde Suid-Afrikaanse solo-orrelmusiek vóór en ná die Tweede Wêreldoorlog. In die tweede afdeling verdeel hy die komponiste soos volg:

- komponiste wat hul komposisies nie in die reeks-publikasie *Liturgiese Orrelmusiek (LOM)* gepubliseer het nie;

- komponiste wat hul komposisies in *LOM* en elders gepubliseer het; en
- komponiste wat hul komposisies slegs in *LOM* gepubliseer het.

Henk Temmingh tel onder slegs drie komponiste in die tweede kategorie van hierdie afdeling.

'n Bespreking van beide dokumente volg nou in die volgende twee seksies.

2.2 J. Godschalk: *Oorsig van die gepubliseerde Suid-Afrikaanse solo orrelmusiek tot medio 1980*

Hierdie outeur het 'n deeglike studie onderneem waarin hy verskeie biblioteke geraadpleeg het. Daar is by die twee belangrikste uitgewers van orrelmusiek tot ongeveer 1985, N.G. Kerk-uitgewers en Studio Holland wat beide in Kaapstad geleë was, navraag gedoen.

Godschalk se bronnelys bestaan hoofsaaklik uit proefskrifte en verhandelings wat handel oor óf historiese feite in verskillende plekke in Suid-Afrika, óf persoonlike bydraes gelewer deur enkele komponiste.

In die inleiding noem hy Henk Temmingh se Preludes wat as aanvanklike studie-materiaal en inspirasie tot sy studie gedien het. Hy verwys heelwaarskynlik na die *Seven Preludes on Genevan Psalm Melodies* wat reeds in 1974 in die VSA gepubliseer is. Teen die tyd dat Godschalk se skripsie gereed vir indiening was, was daar alreeds vier *LOM*-bundels gepubliseer. Hierdie aantreklike hardbandbundels, met gerubriseerde orrelmusiek van onder andere komponiste wat nog nooit voorheen hulle musiek gepubliseer het nie, het ook as inspirasie gedien vir Godschalk se skripsie. Daar kan met reg gesê word dat die reeks *LOM*-bundels in 'n groot behoefte in Suid-Afrika voorsien het, aangesien hulle die eerste van hul soort was. Dit het die belangstelling by beide orrelis en komponis geprikkel wat eindelijk daartoe gelei het dat meer bande die lig gesien het – ses bande in totaal.

Godschalk se skripsie handel uitsluitlik oor gepubliseerde orrelmusiek terwyl SAME beide gepubliseerde en ongepubliseerde orrelwerke lys. In sy inleiding meld hy bevindinge en statistiese resultate aangaande publikasies, die getal komponiste wat hulle werke gepubliseer het, en waar en hoeveel komposisies in ander lande

gepubliseer is. Daar word bevind dat ongeveer 28 sekulêre werke en ongeveer 197 koraalgebonde werke deel uitmaak van 35 tot 40 publikasies.

'n Belangrike onderskeid word getref tussen komponiste wat in Suid-Afrika gebore is en hier woon/gewoon het, komponiste wat in Suid-Afrika gebore is maar elders woon/gewoon het, en laastens komponiste wat elders gebore is maar in Suid-Afrika woon/gewoon het. Henk Temmingh val dus in die laaste kategorie. Drie belangrike vrae spruit hieruit voort:

- 1 Wat bepaal of 'n komponis as Suid-Afrikaans beskou kan word?
- 2 Wat/wie bepaal dan 'n komponis se nasionale identiteit?
- 3 Kan 'n komponis wat die grootste deel van sy/haar beroepslewe in die buiteland woon, aanspraak maak om as Suid-Afrikaanse komponis gereken te word?

Daar word steeds na bykans drie en 'n kwart eeue gewonder oor die nasionaliteit van die Duits-gebore Georg Friedrich Händel (1685-1759), alias George Frideric Handel. Hy was egter die grootste deel van sy beroepslewe (1712-1759) in Engeland. Derhalwe word hy gereken as een van die belangrikste Engelse komponiste van sy tyd – moontlik deels omdat hy Britse burgerskap ontvang het. (Sadie 1988: 319-320.)

Indien Handel as voorbeeld voorgehou word, sou 'n mens seker kon redeneer dat 'n komponis se nasionaliteit bepaal word deur waar hy/sy homself/haarself die grootste deel van sy/haar beroepslewe bevind. Tog gee die meeste naslaanboeke Domenico Scarlatti (1685-1757) aan as 'n Italiaanse komponis, ofskoon hy die grootste deel van sy lewe as “mestre” in Lissabon (Portugal) en Madrid (Spanje) deurgebring het. In Portugal is hy selfs tot ridder verhef deur Koning Johan V van Portugal. (Sadie 1988: 664.)

Die vraag is dus: wat maak Suid-Afrikaanse komponiste juis Suid-Afrikaans? In die eerste plek mag 'n komponis aanspraak maak op sy Suid-Afrikaanse burgerskap indien hy in Suid-Afrika gebore is. In alle Suid-Afrikaanse naslaanbronne blyk dit dat Suid-Afrikaanse komponiste wat in die buiteland woon, steeds as Suid-Afrikaanse

komponiste gereken word. Daar bestaan geen beperkinge op die benoeming van so 'n persoon as Suid-Afrikaans nie.

Tweedens word komponiste wat in die buiteland gebore is en hulle in Suid-Afrika bevind, ook algemeen gelys as Suid-Afrikaanse komponiste. Godschalk is die eerste bron wat Suid-Afrikaanse orrelkomponiste klassifiseer volgens herkoms. Volgens my mening is dit noodsaaklik om 'n derde groep te klassifiseer: komponiste wat in Suid-Afrika gebore en opgelei is, maar wat hulleself in die buiteland gaan vestig het, veral tydens die meer onlangse uittog van geskoolde musici uit Suid-Afrika. 'n Komponis word dus deur 'n samelewing noodwendig as volks- of kultuurbesit geëien sodra so 'n persoon in die betrokke land gebore is, of as immigrant (met nuwe burgerskap) ononderbroke werksaam is in die betrokke land.

Inaggenome die hedendaagse situasie in Suid-Afrika, kan Suid-Afrikaanse komponiste met behulp van nuwe terminologie in drie groepe ingedeel word. Die eerste groep is komponiste wat in Suid-Afrika gebore is, hier en/of elders opleiding ontvang het, maar wat hier gewoon of hiernatoe teruggekeer het. Diesulkes is oor die algemeen ouer en meer ervare. Voorbeelde van hierdie groep komponiste is Stefans Grové, Chris Lamprecht en Gerrit Olivier. Hulle kan gereken word as **outentiek Suid-Afrikaanse komponiste**.

Die tweede groep komponiste word hoofsaaklik onderskei deurdat hulle elders gebore is, maar na Suid-Afrika verhuis het en hier werksaam was/is. In die tydperke van sterk ekonomiese groei in Suid-Afrika ná die twee wêreldoorloë, word die Suid-Afrikaanse musiektoneel gekenmerk deur die invloeiing van veral geskoolde Europese musici. Met die swak ekonomiese groei van die hedendaagse Suid-Afrika, is hierdie proses egter grootliks vanself stopgesit. Onder hierdie komponiste, wat ook ouer en meer ervare is, tel William Henry Bell (Engeland), Willem Zorgman (Nederland) en Henk Temmingh (Nederland). Temmingh word egter verder onderskei deur die feit dat hy reeds op vroeë ouderdom na Suid-Afrika verhuis het. Sy tersiêre opleiding het dus grootliks op Suid-Afrikaanse bodem geskied. Die Temminghs se invloedsfeer het egter so ver as Nederland en die vasteland Europa gestrek. Henk Temmingh se musiek getuig ook daarvan dat hy elemente en invloede vanuit Suid-Afrika (Afrika) en Nederland (Europa) met mekaar integreer. Hierdie komponiste word gereken as **elders-gebore Suid-Afrikaanse komponiste**.

Die laaste groep komponiste is komponiste wat in Suid-Afrika gebore en opgelei is, maar na die buiteland verhuis het en burgers van hulle nuwe lande van tuiste geraak het. John Joubert (Engeland), Jacobus Kloppers (Kanada) en Kevin Volans (Ierland) is voorbeelde van hierdie groep. Hulle word geklassifiseer as **verplaasde Suid-Afrikaans-gebore komponiste**.

Godschalk (1981:1) is van mening dat die meeste orrelmusiek wat op Suid-Afrikaanse bodem gekomponeer is, hoofsaaklik vir die erediens van die Afrikaanse kerke bedoel is – slegs 'n paar is vir konsert-doeleindes geskik. Heelparty komponiste het sedertdien pogings aangewend om solo-orrelkomposisies te komponeer wat nie noodwendig gekoppel word aan die erediens nie. Hier volg 'n paar voorbeelde wat opgespoor kon word (alfabeties volgens klassifikasie):

Outentiek Suid-Afrikaanse komponiste

- Michael Blake (1951-): *San Polyphony* (1998, hersien 1999/2001); *BWV Fragments* (vir enige klawerbord-instrument, 1999); *Golf, Oil, Power and Cheeseburgers* (2004); *Gary and Elbé's Love Song* (2007)
- John Reid Coulter (1958-): *O tshwanetse go reetsa* (Tswana vir "Jy moet luister", 1997); *Toccata Tourbillion* (1990)
- Stefans Grové (1922-): *Afrika Hymnus I* (1991-3); *Afrika Hymnus II* (1997)
- Peter Klatzow (1945-): *Concerto for organ and string orchestra* (2001)
- Gerrit Olivier (1945-): *Orrelkonsert* (1984/5); *Lift up your heads, ye mighty Gates* – Ps. 24:7 (1996)
- Surendran Reddy (1962-2009): *Toccata for Madiba* (1997); *Mayibuye Suite* (2001)
- Hans Roosenschoon (1952-): *The Magic Marimba* (vir orrel en orkes, 1991); *Menorah* (vir orrel en orkes, 2005)
- Hannes Taljaard (1976-) – *I@afrika* (1998)

Elders-gebore Suid-Afrikaanse komponiste

- Henk Temmingh (1939-): *Drie Orrelstukke* (1995); *Nkosi* (1997); *Konsert in die vorm van 'n Fantasie* (vir orrel en strykkorke, 1998); *Vier Orrelstukke op Psalm-melodieë* (2002); *Variations de Concert* (2003); *Nkosi II* (2009); *Nkosi III* (2009)
- Roelof Temmingh (1946-): *Orrelkonsert no. 2* (1993)
- Paul Loeb van Zuilenburg (1926-): *Impro* (2002); *Pièce d'orgue* (2002)

Verplaasde Suid-Afrikaans-gebore komponiste

- Herman Jordaan (1975-): *Vier stukke* (2001)
- John Joubert (1927-): *Reflections on a Martyrdom Op. 141* (1997)
- Jacobus Kloppers (1937-): *Three Plainsong Settings* (1983); *Triptych based on Hymn Tunes by Ralph Vaughan Williams* (1984); *Concerto for Organ, Strings and Timpani* (1986/91); *Introduction and Toccata on "Lasst uns erfreuen"* (1987); *Little Partita on "Now Thank We All Our God"* (1987); *Dialectic Fantasy* (1992); *Organ Partita on "In dulci Jubilo"* (1992/3); *Memoirs of a Canadian Organist – 9 Character Pieces* (1993); *Dance Suite for Organ Duet* (1997); *Cantabile and Scherzo on the Name Gerald Bales* (2003); *Celtic Impressions* (2003/4); *Wondrous Love: Little Partita for Organ Solo* (2005)
- David Kosviner (1957-): *Patchwork – A Passacaglia for organ* (1983); *bayóm hahoó* (1993)
- Bongani Ndodana (1975-): *But There Went Up A Mist* (1998); *The Garden* (1999); *A Mari Usque Ad Mare* (1999)
- Kevin Volans (1949-): *Walking Song* (1984, getranskribeer vir orrel: 1986)

Uit die voorafgaande lys kan afgelei word dat Henk Temmingh 'n beduidende hoeveelheid konsert-orrelmusiek sedert die verskyning van Godschalk se skripsie in 1981 gekomponeer het.

Godschalk beskou die gepubliseerde *LOM*-reeks, wat sedertdien uit druk geraak het, as wegbereidend, aangesien dit komposisies bevat van Suid-Afrikaanse komponiste wie se werke nog nooit voorheen gepubliseer is nie.

Die oudste en eerste belangrike komponis word deur Godschalk uitgelig as Karl E.O. von Booth (“Otto Booth”, 1843-1923); *SAME* verskaf 1842 as die geboortedatum (Malan 1986: 453). Alhoewel hy in Engeland gebore is, is die meeste van sy musiek, sover bekend, in Suid-Afrika uitgegee en gepubliseer. Suid-Afrikaanse komponiste wat enkele werke in die buiteland gedruk/gepubliseer/uitgegee het, is die volgende (chronologies gelys):

- Frank Bacon (?)
- J. Addey Malherbe (1864-1939)
- Edmond Schelpe (1886-1961)
- Willem Mathlener (1909-1996)
- Chris Lamprecht (1927-)
- Henk Temmingh (1939-)

Willem Mathlener het verreweg die meeste orrelwerke tot dusver gepubliseer: ’n totaal van 95 orrelkomposisies. Baie hiervan is egter miniatuur in omvang; die meeste is kort koraalvoorspele gebaseer op die Afrikaanse Psalms en Gesange. Die enigste twee persone in die voorafgaande lys wat as outentiek Suid-Afrikaanse komponiste beskryf kan word, is J. Addey Malherbe en Chris Lamprecht. Die ander persone word geklassifiseer as elders-gebore Suid-Afrikaanse komponiste.

Die Nederlands-gebore Petrus van den Burg (1856-1936) het hom blykbaar in 1884 in Pretoria gevestig – ses jaar vroeër as Von Booth. Van den Burg het plaaslik bekendheid verwerf vir sy gepubliseerde *Zeven Koraalbewerkingen voor orgel* op die melodie van Ps. 42. Godschalk kon nie ’n kopie van hierdie werk in die hande kry nie. Die skrywer van hierdie mini-verhandeling is egter in besit van ’n oorspronklike kopie. Na bestudering hiervan word waargeneem dat die “verwerkings” inderdaad slegs sewe verskillende vierstemmige harmonisasies is waarin die melodie opeenvolgend in elke stemparty verskyn: sopraan, alt, tenoor en dan die bas. No. 5 is ’n koraal met ’n meer beweeglike altparty, terwyl no. 6 kontrapunt in die bas behels. No. 7 word “het vier dubbele kontrapunt” genoem. Dit is in der waarheid

slegs die onderste drie partye wat meer beweeglik is as gevolg van non-akkoordnote, veral deurgangsnote. Hierdie werk getuig van 'n tekort aan harmonie- en komposisievindingrykheid.

Die Suid-Afrikaans-gebore Pieter Jacob ("P.J.") de Villiers (1861-1937) het geen orrelmusiek gepubliseer nie, maar word noemenswaardig geag as gevolg van sy klavier-beginnerslesboek wat plaaslik onder andere deur orreliste gebruik is in die laat 1800's. J. Addey Malherbe (1864-1939) het bekendheid verwerf vir sy *Elf Stukken voor Orgel en Harmonium* wat deur Godschalk bestempel word as kort, amateuragtige improvisasies wat neergeskryf is.

Die volgende twee komponiste is Brits-gebore en het hul in Suid-Afrika gevestig rondom die begin van die 20ste eeu. Roger Ascham (1864-1934) word beskou as die eerste produktiewe Suid-Afrikaanse orrelkomponis. Afgesien van sy gepubliseerde werke, bestaan daar heelwat orrelwerke in manuskripvorm in Suid-Afrikaanse biblioteke. Die voormalige hoof van die South African College of Music in Kaapstad, William Henry Bell (1873-1946), se orrelwerke is reeds, volgens Godschalk, op vroeë ouderdom in Engeland gekomponeer. Hierdie pianistiese werkies word nie hoog aangeskryf nie.

Pieter Kuyper ("P.K.") de Villiers (1874-1949), 'n gebore Suid-Afrikaner, se naam word vandag nog opgemerk in die sangbundels van die Afrikaanse kerke. 'n Paar van sy melodieë is die eerste keer opgeneem in die Psalmboek van 1937 en verskyn sedertdien in die hersiene publikasies. Daarbenewens lewer hy volgens H.J. Stanford (1965: 233) musiek sonder "oorspronklikheid en musikale waarde".

Die *Prelude et fugue en ré mineur* van Edmond Schelpe (1886-1961) word beskou as die beste orrelkomposisie van 'n Suid-Afrikaner voor die Tweede Wêreldoorlog. Die werk is egter reeds drie jaar voor Schelpe se emigrasie uit België gekomponeer. Olivier Karstel (1893-?) en Frank Bacon (?) is beide komponiste wat gekritiseer word vir hul pianistiese skryfstyl; onoortuigende herhaling van ritmiese patrone vorm deel van hierdie styl. Terwyl dit bekend is dat Karstel 'n gebore Suid-Afrikaner is, is daar min inligting beskikbaar oor Frank Bacon. Dit word vermoed dat hy van Brittanje geëmigreer het.

Twee Nederlands-gebore komponiste, Gradus Wendt (1914-1996) en Willem Zorgman (1903-1981), lewer 'n aantal komposisies gebaseer op psalms en gesange. Hulle volg albei die improvisatoriese styl van Jan Zwart (1877-1937). Harmonies behels dit onder andere oorvloedige gebruik van tussendominante, dominant sewende-akkoorde, modulerende sekswense, dominantverhoudings in die baslyn, en chromatiese progressies. “Die totaalbeeld van hierdie styl is 'n uiters gevoelsmatige orrelspel, wat dikwels by navolgers en leerlinge van Zwart neig na 'n oorgevoeligheid of selfs 'n ongesonde sentimentaliteit” (Godschalk 1981: 16). Gradus Wendt se talle orrelwerke is noemenswaardig in die sin dat dit 'n groot bydrae maak tot die Suid-Afrikaanse koraalvoorspelrepertorium. Dit is jammer dat hierdie musiek, wat volgens oorlewering van beter gehalte is, nie vrylik verkrygbaar is nie.

John Joubert (1927-) is sedert 1946 in Brittanje gesetel en uiteraard 'n verplaasde Suid-Afrikaans-gebore komponis. Godschalk sonder Joubert uit as die eerste Suid-Afrikaanse komponis wie se orrelmusiek internasionale erkenning geniet het. Sy eerste orrelkomposisie, *Prelude on the “Old 100th”*, dateer uit 1956. Joubert se persoonlike webtuiste (Anoniem 2009) gee die datum van sy tweede orrelkomposisie, die *Passacaglia en Fuga*, as 1961 aan, en nie 1962 soos Godschalk meld nie.

Oor die volgende drie komponiste is daar min inligting te vinde: Dirk Myburgh (1927-), Wilhelm Söhnge (1909-2002) en die Nederlands-gebore Guurt van der Tas (1912-1989).

Chris Lamprecht (1927-) se orrelmusiek sluit soos dié van die meeste ander Suid-Afrikaanse orrelkomponiste slegs kerkmusiek in. Godschalk maak 'n interessante observasie: Lamprecht se kort orrelwerkies is in 'n ligte Barokstyl geskryf waarin die stemme hoofsaaklik kontrapuntaal beweeg en die gebruikmaking van melodiese en ritmiese nabootsing volop is.

Net soos Lamprecht is Willem Mathlener (1909-1996) se musiek byna uitsluitlik kerkmusiek. “Die styl waarin Mathlener skryf is 'n konvensionele styl, wat egter soms 'n neiging na die Jan Zwart-styl vertoon. Selde raak dit egter so oorgevoelig soos die werke van Jan Zwart”. (Godschalk 1981: 26.)

Godschalk sluit 'n paar beskeie paragrawe oor Henk Temmingh in waarin hoofsaaklik twee werke kortliks bespreek word: *Seven Preludes on Genevan Psalm Melodies* (1972/4) en *Twee verwerkings van Ps. 42* (1974). 'n Mens moet onthou dat Temmingh die studieleier van Godschalk se skripsie was en dus die inligting oor homself deeglik sou proeflees.

Oor die musiek van Temmingh skryf Godschalk as volg (Godschalk 1981: 28):

[Dit] is geskryf in 'n moderne idioom, waarin die tonaliteitsgevoel sterk vervaag as gevolg van die gebruik van allerlei toonsoortvreemde akkoorde. Meeste van die werke is kontrapunties van aard. Opvallend is dat in die meeste werke die pedaalparty in 'n relatief stadige tempo sprongsgewys beweeg, en wel gewoonlik met oktaaf-, kwint-, kwart- en tertsspronge.

Hy meld verder dat Temmingh sy melodieë ritmies vry aanwend, en dat metrumwisselings volop is (Godschalk 1981: 28). Die stelling “by geen van sy werke dui H. Temmingh presiese registrasies aan nie” is deels korrek. By die *Twee verwerkings van Ps. 42* word daar tereg genoem dat slegs dinamiese vlakke aangegee is as riglyn vir registrasiekeuse; by die *Seven Preludes on Genevan Psalm Melodies* word daar egter presiese registrasies voorgeskryf aan die hand van register-voetlengtemate en dinamiese vlakke, byvoorbeeld “8' + 2', mp”.

In die laaste hoofstuk van Godschalk se skripsie word komponiste wie se enkele werke in *LOM* (bundels 1 tot 3) verskyn, bespreek. Dit sluit in (alfabeties volgens klassifikasie):

Outentiek Suid-Afrikaanse komponiste

- Hans Babst (1934-)
- Gawie Cillie (1910-2000)
- Dirkie de Villiers (1921-1993)
- Johan Greyling (1939-)
- Izak Grové (1946-)
- Stefans Grové (1922-)
- Winfried Lüdemann (1951-)
- Gerrit Olivier (1945-)
- Albert Troskie (1942-)

- Nicol Viljoen (1952-)
- Wim Viljoen (1950-)

Elders-gebore Suid-Afrikaanse komponiste

- Joop Stam (1934-)
- Roelof Temmingh (1946-)
- Arie van Namen (1926-)

Verplaasde Suid-Afrikaans-gebore komponiste

- Jacobus Kloppers (1937-)

Dit is noemenswaardig dat veral Kloppers en Lüdemann heelwat nuwe komposisies sedert 1981 gelewer het. Slegs die koraalvoorspel op Gesang 147, *Ons hoor die Paasfeesklokke* (LOM III, 43-48) van Lüdemann is opgeneem in Godschalk se skripsie. Hier volg 'n volledige bygewerkte uiteensetting van Lüdemann se komposisies, soos geneem uit die komponis se eie werklys van 2009:

(Omdat die stukke met talle tussenposes gekomponeer is, in die geval van die partitas selfs oor verskeie jare heen, verwys die datums tussen hakies telkens na die datum van voltooiing van die betrokke werk of deel van die werk.)

- 1982. *Ons sien die tekens van die tyd* (1981). Koraalpartita: Koraal, Kanon (Trio), Bicinium en Tokkate. Gepubliseer in *18 Koraalvoorspele*. Kaapstad: N.G. Kerk-Uitgewers.
- 1982, 2009. *Die groot en blye dag breek aan* (1981/1994). Koraalpartita: Koraal, Bicinium, Trio en Fuga. Die eerste drie onderafdelings is gepubliseer in *18 Koraalvoorspele*. Die Fuga is gepubliseer in *Orgelmusik/Orrelmusiek*. Kaapstad: N.G. Kerk-Uitgewers; Stellenbosch: Lüdemann.
- 1982. *Vol vreugde sing die eng'leskaar* (1981). Koraalvoorspel. Gepubliseer in *18 Koraalvoorspele*. Kaapstad: N.G. Kerk-Uitgewers.

- 2009. *Die Sonn hat sich mit ihrem Glanz gewendet* (1981/1993). Koraal en Fantasie. Gepubliseer in *Orgelmusik/Orrelmusiek*. Stellenbosch: Lüdemann.
- 2009. *Wenn wir in höchsten Nöten sein* (1984/1992/1996). Koraalpartita: Koraal, Bicinium, Trio, Tussenspel, Fuga. Gepubliseer in *Orgelmusik/Orrelmusiek*. Stellenbosch: Lüdemann.
- 2009. *Wie soll ich dich empfangen* (1984/1987/1993). Koraalpartita: Koraal, Bicinium, Manualiter, Trio, Tokkate, Koraal. Gepubliseer in *Orgelmusik/Orrelmusiek*. Stellenbosch: Lüdemann.
- 1985. *Sonne der Gerechtigkeit*. Koraal vir orrel en koperblasers. Stellenbosch: Lüdemann.
- 1986. *Allein Gott in der Höh sei Ehr*. Koraal vir orrel en koperblasers. Stellenbosch: Lüdemann.
- 1989. *O Gott, du frommer Gott/O God, getroue God*. Koraalpartita in vyf dele vir orrel en koperblasers. Stellenbosch: Lüdemann.

2.3 Jacques P. Malan (redakteur): *South African Music Encyclopedia (SAME)*

SAME is 'n opdrag-publikasie wat deur die RGN geloods is. Hierdie projek het bykans 20 jaar geduur en is in 1962 in werking gestel deur die Buro vir Sosiale en Opvoedkundige Navorsing (RGN). In die voorwoord formuleer die redakteur, Jacques P. Malan, drie redes vir die insluiting van persone (dus ook komponiste) in die publikasie (Malan 1979: i):

In the selection of names for inclusion, the guiding principles were that a musician had to be of intrinsic or at least temporary significance to a community; that his personality or musical work had to have a quality which justified his inclusion; or that his career cast some light on the musical progress of the community (-ies) where he worked.

SAME is 'n omvangryke bron vir iemand wat inligting wil versamel oor enige Suid-Afrikaanse komponis (insluitend orrelkomponiste) tot en met 1986, die publikasiedatum van Volume 4.

Van elke komponis word 'n beknopte lewenskets insluitend geboorte- en sterfdatum verskaf, waarna 'n biografie volg. Onder 'n volgende opskrif word publikasies gelys. In die werkllys word solo-orrelmusiek gewoonlik gevind onder die opskrif "Instrumental".

Hier volg 'n lys van komponiste wat volgens *SAME* orrelwerke (gepubliseerd of ongepubliseerd) gekomponeer het. Weereens word dit gerangskik volgens die nuwe klassifikasie:

Outentiek Suid-Afrikaanse komponiste

- Jan Stephanus ("J.S.") de Villiers (1827-1902)
- Marthinus Lourens ("M.L.") de Villiers (1885-1977)
- Pieter Kuyper ("P.K.") de Villiers (1874-1949)
- Rocco de Villiers (1838-1902)
- Stefans Grové (1922-)
- Hennie Joubert (1926-1986)
- Oliver Karstel (1893-?)
- Peter Klatzow (1945-)
- Georg Kühn (1849-1930)
- Chris Lamprecht (1927-)
- Petrus Lemmer (1896-1989)
- Japie Malan (1919-?)
- S. le Roux Marais (1896-1979)
- Dirk Myburgh (1927-)
- Maarten Roode (1907-1967)
- Ulmont Schneider (1923-?)
- Wilhelm Söhnge (1909-2002)
- Pieter van der Westhuizen (1931-)
- Carl van Wyk (1942-)

Elders-gebore Suid-Afrikaanse komponiste

- Leslie Arnold (1906-1963)

- Roger Ascham (1864-1934)
- William Henry Bell (1873-1946)
- Gerrit Bon (1901-1983)
- Hans Egel (1878-1914)
- Edward Goodacre (1879-1940)
- Fritz Hartmann (1900-1972) [en verplaas]
- Charles Hoby (1869-1938) [en verplaas]
- James Hyde (1849-1939) [en verplaas]
- Bernard Langley (1929-?)
- Willem Mathlener (1909-1996)
- Rolfe Moss (1901-?)
- Norbert Nowotny (1937-)
- Charles Oxtoby (1912-1978)
- Wansbrough Poles (1892-1962)
- Percival Quarterman (1869-1901)
- Sydney Rees (1870-1927)
- Edmond Schelpe (1886-1961)
- Joop Stam (1934-) [en verplaas]
- Walter Swanson (1903-1985)
- Henk Temmingh (1939-)
- Roelof Temmingh (senior) (1913-2001)
- Roelof Temmingh (junior) (1946-)
- William Tregarthen (1856-1942)
- Maria van der Mark (1912-?)
- Arie van Namen (1926-)
- Klaas van Oostveen (1911-1992)
- Karl E.O. von Booth (“Otto Booth”) (1842-1923)
- Cyril Wright (1888-1979)
- John Yates (1881-1966)

Verplaasde Suid-Afrikaans-gebore komponiste

- Victor Hely-Hutchinson (1901-1947)

- John Joubert (1927-)
- Jacobus Kloppers (1937-)
- Richard Oxtoby (1939-)
- Priaulx Rainier (1903-1986)
- David Rycroft (1924-1997)

Net soos Godschalk maak *SAME* melding van die reeks *Liturgiese Orrelmusiek*. Hierdie versameling is 'n bloemlesing van koraalvoorspele deur Suid-Afrikaanse orrelkomponiste. Die publikasie was algemeen verkrygbaar tot voor 2000, waarna dit uit druk geraak het. Die komposisies van 15 komponiste van wie daar nog nooit op daardie stadium iets gepubliseer was nie, is in die *LOM*-reeks opgeneem. Chris Lamprecht, Willem Mathlener en Henk Temmingh word by hierdie lys komponiste gevoeg; dit is egter belangrik om te noem dat hul reeds ander komposisies elders gepubliseer het. (Godschalk 1981: 3.)

Godschalk het nie *SAME* as bron gebruik nie, vermoedelik omdat die publikasie teen 1980 nog nie geredelik in die handel beskikbaar was nie. Heelwat nuwe inligting is in *SAME* bygewerk wat deur navorsing aan die lig gebring is. Volgens *SAME* het die volgende Suid-Afrikaanse orrelkomponiste hul solo-orrelwerke gepubliseer, beide in Suid-Afrika en Europa. Hier volg 'n lys wat saamgestel is uit *SAME*, maar gerangskik is volgens klassifikasie:

Outentiek Suid-Afrikaanse komponiste

- 1 Pieter Kuyper ("P.K.") de Villiers. 1912. *Cantilène Aurelia*. Uit *Ecclesiae Organum Vol. XII*. London: Vincent.

1936. *Chorale with Variations*. London: Augener.
- 2 Oliver Karstel. 1927. *Andantino in D*. London: W. Paxton.
- 3 Chris Lamprecht. 1955. *Dertien koraalvoorspele*. Minden (Wesfale): Minden Press.
- 4 Dirk Myburgh. 1965. *Troumars*. Brakpan: Engela Uitgewers.

Elders-gebore Suid-Afrikaanse komponiste

- 5 Roger Ascham. Geen datum verskaf nie. *Slumber and Rest*, Op. 9, No. 2. 'n Verwerking vir orrel. London: Vincent (Enoch & Sons).
- 6 William Henry Bell. 1901. *Minuet and Trio in C major*. No. 28 uit *Organ solos for recitals* en No. 20 uit *The Organ Loft Book 7*. London: Vincent.

1902. *Postlude (Romance, Spring Song)*. No. 300 uit *Original compositions for the organ*. London: Novello.
- 7 Hans Egel. Geen datum verskaf nie. *Drei Characterstücke für die Orgel*, Op. 3: 1. *Abendruhe* 2. *Et incarnatus est* 3. *Idylle*. Leipzig: C.F.W. Siegel's Musikalienhandlung (R. Linnemann).

Geen datum verskaf nie. *Sacred March of the Early Huguenots*, Op. 5. Leipzig: Breitkopf & Härtel (Egel).
- 8 Willem Mathlener. 1955. *Vyftig kort Koraalvoorspele*, Op. 20. Kaapstad: HAUM.

1963. *Kom herwaarts getroues*, Op. 26. Kaapstad: Reformatorio.

1971. *Partita op Gesang 96 (vir Nagmaal)*. Waspapier-kopie.

1971. *Prelude en Fuga op Psalm 65*. Waspapier-kopie.

1971. *Variasies op Psalm 96*. Waspapier-kopie.

1971. *Variasies op Psalm 116*. Waspapier-kopie.
- 9 Edmond Schelpe. Geen datum verskaf nie. *Prelude et fugue en Ré mineur, pour orgue (pédale obligée)*. Brussels: Comptoir-Général de Musique.
- 10 Joop Stam. 1975. *Drie Korale* (1971). No. 1 gedruk in *Liturgiese Orrelmusiek II*. Kaapstad: Studio Holland.

- 11 Henk Temmingh. 1973. *Seven Preludes on Genevan Psalm Melodies*. St. Louis: Concordia.
1975. *Twee koraalvoorspele op Psalm 42*. Gedruk in *Liturgiese Orrelmusiek II*. Kaapstad: Studio Holland.
- 12 Arie van Namen. 1979. *Koraalvoorspel op Gesang 205*. Gedruk in *Liturgiese Orrelmusiek III*. Parow: Studio Holland.
- 13 Karl E.O. von Booth. Geen datum verskaf nie. *Sonata quasi fantasia*. London: Weekes.

Verplaasde Suid-Afrikaans-gebore komponiste

- 14 John Joubert. Geen datum verskaf nie. *Choral Prelude on Old Hundredth*, Op. 15. Oxford: Oxford University Press.
1963. *Passacaglia and Fugue*, Op. 35. London: Novello.
- Geen datum verskaf nie. *Prelude on "Picardy"*, Op. 55. London: Novello.
- 15 Priaulx Rainier. 1972. *Organ gloriana*. In opdrag vir Barry Smith. London: Schott.
- Primordial canticles*. 1974. In opdrag vir Redcliffe Concerts of British Music. London: Schott.

Dit is noemenswaardig dat John Joubert 'n groot aantal koorwerke met orrelbegeleiding vir die Anglikaanse liturgie gelewer het.

2.4 Opsomming

Omdat bronne oor Suid-Afrikaanse orrelkomponiste skaars is, is die twee belangrikste bronne tot dusver beskikbaar, Godschalk se skripsie en *SAME*, geraadpleeg. *SAME* is ná Godschalk se skripsie gepubliseer en bevat meer volledige en korrekte inligting aangaande die onderwerp. Daarmee wil nie gesê word dat Godschalk 'n onbetroubare bron is nie. Waar Godschalk homself toespits op die

gespesialiseerde veld van orrelkomposisie, verskaf *SAME* addisionele inligting oor die betrokke komponiste.

Godschalk verdeel Suid-Afrikaanse orrelkomponiste in verskillende kategorieë volgens geboorte- en woonplek. Nuwe terminologie word in hierdie mini-verhandeling hieraan toegeken, en 'n nuwe kategorie, “verplaasde Suid-Afrikaanse komponiste”, word bygevoeg. Die vraagstuk oor die nasionaliteit van Suid-Afrikaanse komponiste word dus aangeraak. Benewens die lys van Suid-Afrikaanse orrelkomponiste wat musiek gepubliseer het (opgestel volgens die twee bronne), is 'n nuwe lys Suid-Afrikaanse komponiste wat orrelmusiek gepubliseer het ná 1980 saamgestel. Enkele oorvleuelings kom voor, aangesien sekere gevestigde komponiste steeds orrelkomposisies lewer.

Henk Temmingh, John Joubert en Jacobus Kloppers staan uit as die mees produktiewe orrelkomponiste van die ouer geslag.

Navorsing is gedoen om alle komponiste se geboorte- en sterfdatums aan te dui (met enkele gevalle sonder sukses). Hierdie hoofstuk kan waardevol wees vir naslaandoeleindes ten opsigte van verdere navorsing op die gebied van Suid-Afrikaanse musiek.

HOOFSTUK 3

Henk Temmingh: 'n kort biografie

3.1 Inleiding

'n Komponis se artistieke nalatenskap word noodwendig en onwillekeurig deur sy lewe en ervaringe beïnvloed. 'n Komponis is eerstens 'n mens, en tweedens 'n skepper. Die mens gee uiting aan sy gevoelens en artistieke skeppingsdrang deur middel van die kunste, waaronder musiek een van die magtigste en invloedrykste mediums van uitdrukking is. 'n Biografie van 'n komponis wat bestudeer word, is dus van onskatbare waarde, veral as 'n allesomvattende studie onderneem word. 'n Komponis se musiek en styl kry nuwe betekenis vir beide die kunstenaar wat dit uitvoer en interpreteer, en die luisteraar wat dit waardeer, nadat 'n studie gemaak is van die lewe, wedervaringe en invloede wat op die komponis uitgeoefen is.

Wie is Henk Temmingh dus?

3.2 Henk Temmingh, die student

Hendrik ("Henk") Temmingh is op 26 Julie 1939 in Amsterdam, Nederland gebore. Op sesjarige ouderdom ontvang hy sy grondslagopleiding by sy vader, Roelof, wat self 'n bekende en gewaardeerde orrelis en komponis was. 'n Huldeblyk aan Roelof Temmingh verskyn in die tydskrif *Vir die Musiekleier* (Troskie 2001: 75-76). Henk Temmingh het in 'n milieu grootgeword waar musiek 'n integrale rol gespeel het in die alledaagse lewe. Al vier kinders het later musiekloopbane gevolg. Roelof (junior) is 'n gerespekteerde komponis en musikoloog, Lykele 'n bekende violis en dirigent en Jenny 'n musiekonderwyser.

Die Tweede Wêreldoorlog het 'n groot indruk op Temmingh, toe nog 'n jong seun, gemaak. Die Temmingh-gesin verhuis in die "honger winter" van 1944/1945 na 'n woonstel wat hulle moes deel met 'n ander familie. Gebeure en oorlogsgeluide (veral sirenes en vliegtuig-motore) word vandag steeds deur die komponis in herinnering geroep. (Nagel 2001: 1.) Alhoewel voedsel en klere 'n skaarste was, het die familie nooit onder die broodlyn gelewe nie. Temmingh was 'n doodgewone seun wat skoolwerk beskou het as 'n straf, maar wat intense belangstelling getoon het in

musiek. As skoolseun in Amsterdam, ontvang hy orrel-onderrig by Simon C. Jansen (1911-1980) en Jaap Dragt (1930-2003).

Uit gesprekke met Temmingh (in die vorm van ongestruktureerde onderhoude) kon duidelik afgelei word dat hy 'n voorliefde het vir die Franse laat-Romantiese orrelskool. Standaard repertorium van komponiste soos César Franck is deur die jong Temmingh in Nederland versamel, bestudeer en uitgevoer. Temmingh beweer dat Nederlandse musici baie meer gefokus is op die praktyk as op teorie. Daarom, verklaar hy, moes hy as jong student en op aandrang van sy leermeesters vele standaardwerke uit die orrelrepertorium instudeer.

Tydens Temmingh se tienerjare het 'n span musici van die Amsterdamse Concertgebouw-orkest 'n onuitwisbare indruk op hom gelaat. Hierdie musici het skole besoek en aan die hand van interessante demonstrasies en verduidelikings die weeklikse orkesuitvoerings vir die jeug meer toeganklik gemaak. Hierdie geleentheid het 'n beduidende rol by die kweek van 'n liefde vir goeie musiek by die jong Temmingh gespeel. (Nagel 2001: 3.)

Op 19-jarige ouderdom, een jaar nadat die gesin in Maart 1958 na Suid-Afrika geëmigreer het, matrikuleer Temmingh aan die Hoërskool Griekwastad waar sy vader werksaam was as musiekonderwyser. Sy leermeesters tydens sy skoolloopbaan was sy vader, Roelof Temmingh (orrel), en Frans ter Haar (klavier); laasgenoemde was per toeval ook 'n Nederlandse immigrant. Roelof Temmingh (senior) het in Suid-Afrika beroemdheid en invloedrykheid verwerf as 'n orrel-improvisator. Een van die grootste Nederlandse improvisators, Cor Kee (1900-1997), het 'n blywende indruk gelaat op Temmingh en selfs later ook sy leermeester geword.

Weens die ongemaklike lewe van 'n musikus, het Temmingh se ouers hom ten sterkste afgeraai om 'n loopbaan in musiek te volg. Nieteenstaande alle ontmoedigings, het Temmingh nogtans so 'n loopbaan gekies – eerstens as gevolg van die navolgenswaardige voorbeeld wat sy vader aan hom gestel het, en tweedens omdat Temmingh bewus was van sy eie inherente en onbetwisbare musiektalent.

Temmingh voltooi sy voorgraadse studie aan die (destydse) Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (PU vir CHO, vandag Noordwes-Universiteit). In hierdie tydperk verhuis die gesin na Klerksdorp en later Kaapstad. Tydens sy studiejare tree hy in die huwelik met 'n mede-student, Annatjie du Plessis. Vier kinders is uit die huwelik gebore. Aan bogenoemde universiteit behaal Temmingh die volgende kwalifikasies: BMus (1962), Diploma in Kerkmusiek (1962), BMus(Hons) (1963) en MMus (1964). Al sy kwalifikasies behaal hy *cum laude* onder leiding van onder andere proff. J.J.A. van der Walt en Arthur Wegelin. *De Profundis*, 'n werk vir soliste, koor en orkes is onder andere voorgelê vir sy BMus(Hons)-verhandeling. Temmingh loods 'n stylkritiese studie van die musiek van Arnold van Wyk vir die voltooiing van sy MMus-graad. Tydens Temmingh se nagraadse studie tree hy op as navorsingsassistent onder die hoofskap van prof. Maarten Roode. Daar word ook van hom verwag om 'n paar Vormleer-klasse per week aan te bied. Dit is dus hier waar sy loopbaan as pedagoog begin. Deur UNISA behaal hy die Voordraerslisensiaat in Orrel (1962), Onderwyslisensiaat in Orrel (1963) en Onderwyslisensiaat in Sang (1964), laasgenoemde onder leiding van Anna Papendorf. Nadat Temmingh in 1965 beurse van UNISA, die Genootskap Nederland-Zuid-Afrika en 'n Unie-beurs ontvang, is hy in staat om by die Koninklike Konservatorium in Den Haag, Nederland te gaan studeer. Vanaf 1966 tot 1967 ontvang hy onderrig in orrel by Adriaan Engels (1906-2003), improvisasiekuns by Cor Kee (1900-1997), dirigeerkuns by Louis Stotijn (1918-) en komposisie by Kees van Baaren (1906-1970).

In 'n ongestruktureerde onderhoud vertel Temmingh dat hy as gevolg van sy deeglike opleiding as jong student in Nederland en by die PU vir CHO, die vakgebied musiek goed geleer ken het; dat hy geleer het om netjies te skryf, te orkestreer en vorme te "vul". Hy toon respek vir sy grootste leermeester, Kees van Baaren, weens – soos hy dit noem – sy buitengewone vakmanskap. (SABC 1975: opname.)

Ou Barokvorme (soos kanon, fuga, variasies, tokkate en partita) tesame met die ooreenkomstige komposisie-tegnieke figureer sterk in Temmingh se orrel-oeuvre. In die slotwoord van hierdie hoofstuk kan 'n lys gevind word van die tegnieke wat Temmingh aanwend.

3.3 Henk Temmingh, die pedagoog

In 1967 keer Temmingh terug na Suid-Afrika en word aangestel as dosent in Orrel, Harmonie en Kontrapunt, en Stilistiese Analise aan die (destydse) Universiteit van Port Elizabeth (UPE, vandag die Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit). Benewens die genoemde studievervelde is hy ook verantwoordelik vir dieselfde universiteit se amptelike koor. In hierdie tydperk tree hy op as raadgewende adviseur vir die bou van 'n nuwe ouditorium-orrel. Hy verwerf sy DMus in 1970 aan UP vir 'n stel van ses komposisies onder leiding van prof. Johann Potgieter met Henk Badings (Nederland) as eksterne eksaminator. In 1972 word hy aangestel as senior dosent by UPE.

In 1973 besoek hy Nederland en studeer hy Komposisie en Musiek-informasieteorie onder Henk Badings. 'n Mede-professoraatskap word in 1979 vir Temmingh aangebied by die Universiteit van die Witwatersrand (Wits). Tydens Temmingh se verblyf in Johannesburg is hy werksaam as orrelis, koorleier en dirigent. Die Wits-Kamerkoor is deur hom vir vyf agtereenvolgende jare gedirigeer.

In 1986 word Temmingh by sy alma mater in Potchefstroom aangestel as Professor en Hoof van die Departement Musiek, waarna hy dieselfde diens in 1993 by die Universiteit van Pretoria aanvaar. Sy laaste optredes as dirigent was saam met die Universiteit van Pretoria Simfonie Orkes (1999) en die Artium Simfonie Orkes (2000). In 2000 tree prof. Temmingh af op 61-jarige ouderdom.

3.4 Henk Temmingh, die komponis

In die ongestruktureerde onderhoud met die komponis word dit duidelik dat hy uiters hoë waarde heg aan fisieke, harde werk. Hy is van mening dat inspirasie slegs deur harde werk bekom kan word. Dit blyk dat Temmingh meer suksesvol is as daar 'n tydslimiet op die aflewering van 'n nuwe komposisie geplaas word.

Hy beskou sommige van sy werke as beter as ander en dat sekere van sy idees beter werk as ander. Telkemale het Temmingh homself laat omskryf as 'n kritiese beoordelaar van sy eie werk (Temmingh 2006b: onderhoud): "Ek voel partykeer 'n komposisionele idee lei na niks, dat ek eintlik niks daarmee kan doen nie, dan gooi ek dit weg!"

Hierdie kritiese beskouing van homself en sy werk getuig van 'n professionele volwassenheid en dat hy ten volle in voeling is met sy eie styl en sy voor- en afkeure (Temmingh 2006b: onderhoud):

Ek het altyd vir my komposisie-studente geleer dat 'n mens erg krities moet wees. Daar is mense (en nie n t musici nie!) wat in groot bewondering staan voor hul eie "wrogsels", wat krioel van foute en gemeenplase, en dan hang dit soos los sand aanmekaar, harmonies vervelig.

Komposisie is vir Temmingh 'n uiters persoonlike proses. Daarom toon die komponis 'n afkeer in negatiewe gebeurlikhede en denke, enigiets wat die vrybewegende proses van komponering moontlik kan kniehalter. Verder vermeld hy dat hy uiters gevoelig is vir die natuur en sy direkte omgewing. Hy beweer dat donkerte en bewolktheid 'n direkte negatiewe uitwerking het op sy arbeidsvermo  en -liewering. (Temmingh 2006b: onderhoud.)

Temmingh plaas 'n ho  premie op die tydsduur van sy komposisies. Hy verdedig sy komposisies, wat nooit lank of uitgebreid is nie, met die stelling dat niks vir homself en die luisteraar vervelig mag raak nie (Temmingh 2006b: onderhoud): "Ek is altyd bang om te lank te 'praat', dat mense sal afsluit deur te s : 'dit moet nou maar aangaan, net-nou sal ons maar weer wakker word'". In Temmingh se komposisies tree sy vermo  om 'n magdom inligting op 'n bondige wyse oor te dra, sterk na vore. Volgens hom is een van sy grootste vrese om as klakkeloos en vervelig getipeer te word. In sy musiek asook in sy omgang met sy medemens, praat Temmingh sonder om enigiets sonder doel of rede te herhaal. Sy orrel-oeuvre (hoofsaaklik kerkmusiek) getuig van 'n idiomatiese skryfstyl waarin daar 'n sensitiwiteit geopenbaar word vir die uitvoerende kunstenaar, van amateur tot gevorderd. Temmingh toets sy nuwe komposisies deurlopend en pas dit aan sodat dit aan alle vereistes van speelbaarheid voldoen.

'n Huldigingsprogram oor die komponis, wat in 1989 vyftig jaar oud geword het, is deur SABC-radio uitgesaai. Die komponis het self oor sy werk en werksaamhede gesels. Tydens hierdie uitsending het hy onder andere oor sy wedervaringe met Kees van Baaren (stigter en leier van die Nederlandse skool vir twaalftoonmusiek en die leermeester van Nederland se begaafste 20ste-eeuse komponiste) en Henk Badings (allerwe  beskou as een van die belangrikste vroe  20ste-eeuse avant-

garde komponiste uit Nederland) gesels. Tydens sy studiejare onder hierdie leermeesters kry hy die geleentheid om sy vroeë styl te ontwikkel. Omdat beide sy Nederlandse leermeesters leerlinge was van die legendariese Willem Pijper (1894-1947), is ek van mening dat Temmingh se vroeë musiek ongetwyfeld onder die invloed van hierdie grondlegger van die Nederlandse moderniste staan. Volgens die *Larousse Encyclopedia of Music* (Hindley 1971: 492-493), het Pijper die eerste helfte van die 20ste-eeuse musiektoneel in Nederland oorheers. Pijper, wat onder sterk invloed van Mahler, en later die Franse impressioniste Debussy en Ravel gestaan het, het 'n revolusionêre politonale en poliritmiese musiektaal ontwikkel waarin hy kort melodiese en ritmiese selle gebruik. Volgens Temmingh is daar daadwerklik iets van te bespeur in die ritmies komplekse *Trompetkonsert* (Temmingh 2006b: onderhoud):

Daar is gedeeltes wat heel singbaar is, maar dikwels metries uiters gekompliseerd. Die uitvoerbaarheid daarvan is natuurlik 'n ander kwessie. In die orrelmusiek is daar egter min sulke gekompliseerde ritmiese verskynsels.

Die aanstelling van Tom Veldhuis as Musiekbestuurder op 1 Februarie 1975 by die destydse Kaapse Raad vir die Uitvoerende Kunste (KRUIK), het 'n nuwe era ingelui in die promovering van plaaslike kunstenaars, en veral musiek van Suid-Afrikaanse komponiste. Omdat Veldhuis bekend was as 'n uitmuntende besigheidsbestuurder en administrateur, is KRUIK se finansiële bestuur aansienlik verbeter in die middel 1970's. Volgens Blanckenberg (2009: 58) het KRUIK gebuk gegaan onder 'n onvoldoende kunstenaarsbeleid. Veldhuis het 'n beskouing gehad dat plaaslike kunstenaars nie 'n gunstige optree-platvorm het nie. Dit was vir hom belangrik dat die bevordering van inheemse talent juis in die uitdagende politieke klimaat in Suid-Afrika aandag geniet. 'n Hoogs suksesvolle projek in samewerking met die destydse Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie (SAUK), is deur Veldhuis geloods om Suid-Afrikaanse komponiste se werk te bevorder. Dit het bestaan uit elf lesings van verskillende komponiste met elk 'n première van ten minste een nuwe werk, uitgevoer deur Suid-Afrikaanse kunstenaars. Die feit dat Temmingh gevra is om deel van die projek *Komponis aan die woord* te wees, dui daarop dat hy plaaslik reeds in die sewentigerjare beskou is as een van die toonaangewendste komponiste. Hierdie lesings is deur die SAUK opgeneem en oor 'n tydperk van vyf jaar uitgesaai. Danie

van Eeden, destydse Direkteur van KRUIK, het die volgende gesê oor die lesings (Blanckenberg 2009: 60):

The programmes were presented and recorded in the SABC studios with texts published in brochure format, making this not only a valuable educational tool for the general public, but also a fantastic opportunity to document the heritage of the living South African composers in the 1970s.

Die komponiste wat betrokke by die projek was, is soos volg, in volgorde van optrede (Blanckenberg 2009: 59):

- 1 Peter Klatzow en Pieter de Villiers
- 2 Rosa Nepgen en Charles Oxtoby
- 3 Henk Temmingh en Hubert du Plessis
- 4 Arthur Wegelin en Walter Swanson
- 5 Stefans Grové en Paul Loeb van Zuilenburg
- 6 Bernard Langley en Chris Lamprecht
- 7 Neil Solomon en Jeanne Zaidel-Rudolph
- 8 Thomas Rajna en Péter Louis van Dijk
- 9 Roelof Temmingh en Cromwell Everson
- 10 Carl van Wyk en Dirkie de Villiers
- 11 Priaulx Rainier

Tydens die opname maak Temmingh in retrospeksie die uitlating dat hy akademies min baat gevind het tydens sy studiejare by Henk Badings (SABC 1975: opname):

Ek het bloot vir hom van my komposisies gewys, en dan het hy sekere dinge daarvoor kwytgeraak. Hy was nie regtig 'n leermeester nie, maar Kees van Baaren was dit wel.

Weens die feit dat Roelof Temmingh (senior) bevriend was met en by Van Baaren musiekteorie-onderrig ontvang het, ontstaan 'n hegte vriendskap tussen Henk Temmingh en Van Baaren. Kees van Baaren was 'n goeie kennis van twee van die invloedrykste 20ste-eeuse komponiste van die Oostenrykse seriële skool, naamlik Arnold Schönberg (1874-1951) en Alban Berg (1885-1935). Van Baaren se *Septet* (1952) word beskou as die eerste ware seriële Nederlandse komposisie. Ek het opgemerk dat Temmingh se musiektaal in die teenoorgestelde rigting ontwikkel het as dié van Schönberg en Berg. Beide ekspressioniste het begin by 'n musiektaal wat

tonaal was. Hierna het hulle musiek, volgens *The Larousse Encyclopedia of Music* (Hindley 1975: 383), deur die volgende style beweeg: atonaliteit, anargistiese of wanordelike dodekafonie, seriële of ordelike dodekafonie, en laastens die toepassing van seriële musiek in die raamwerk van uitgebreide tonaliteit (“expanded tonality”).

Temmingh se vroeë werke is beïnvloed deur soos hy dit self noem “buite-musikale” dryfvere. Dit was in die 1950’s gewild onder komponiste, waaronder Temmingh tel, om die impressionistiese styl na te boots. Hierna het hy die matematiese dodekafonie van sy leermeesters gevolg, maar geëindig met tonaliteit in sy musiek. Seriële musiek het Temmingh nie lank geïnteresseer nie. Hy het dit as blote “gekkigheid” beskou. (Temmingh 2006b: onderhoud.)

Na die studiejare in Nederland het Temmingh ’n rasonale besluit geneem om die tuig as komponis tydelik neer te lê, juis as gevolg van die negatiewe uitwerking wat die atonaliteit en ordeloosheid van die Nederlandse avant-garde-beweging op hom gehad het. Temmingh het vir ongeveer twee jaar geen komposisies gelewer nie. Nie alles in Nederland was egter futiel nie. Volgens Temmingh het Van Baaren sy komposisie-didaktiek hoofsaaklik op die drie belangrike vraagwoorde *waarom, wat* en *hoe* gebaseer. Dus is dit by die jong Temmingh ingeskerp om ’n sistematiese werkswyse te volg en om krities te staan teenoor sy eie werk. “Later het ek my eie denke begin volg, en nie toegelaat dat ander mense en dinge my beïnvloed nie. Ek het begin komponeer volgens my eie beperkinge en smaak, in watter of wie se styl dit ookal mag wees!” (SABC 1975: opname.)

Nadat Temmingh teruggekeer het na Suid-Afrika, het hy weer begin komponeer, maar hierdie keer as DMus-student aan UP. Die vereistes hieraan verbonde was dat hy ’n portefeulje van nuwe komposisies moes voorlê vir die voltooiing van die graad. In Suid-Afrika het sy seriële styl onomwonde plek gemaak vir tradisionele diatonisme. ’n “Gesonde” tydperk volg wat gekenmerk word deur geïsoleerdheid – een waar hy nie deur die sogenaamde “buite-musikale” dryfvere gedikteer of voorgesê word nie. “Ek sny myself gewoonlik af van enige ander musiek terwyl ek aan iets werk”. Oor sy eie stylsverandering het Temmingh die volgende te sê: “Al die belangrike moderne komponiste moet daardie sirkel voltooi. Dit is ’n leerproses, ’n ervaringsproses”. (Temmingh 2006b: onderhoud.)

Anton Hartman, 'n baanbreker-orkesdirigent in die na-oorlogse Suid-Afrika, was van groot hulp vir Temmingh. Hartman het Temmingh se orkeswerke gepromoveer en laat uitvoer deur die destydse SAUK Nasionale Simfonie Orkes. Daar bestaan 'n paar argief-opnames van Temmingh se vroeë orkesmusiek wat goedgegunstiglik deur die SABC beskikbaar gestel is.

As komponis voel Temmingh dat hy nie in 'n besondere styl komponeer nie, maar dat hy onbewustelik deur Henk Badings en die Russiese simfonis Dmitri Sjostakowitsj beïnvloed is (SABC 1975: opname). Laasgenoemde komponis toon in 'n mate 'n belangrike ooreenkoms met Temmingh. Beide Temmingh en Sjostakowitsj het verkies om te hou by 'n basies tonale musiektaal. Oor Sjostakowitsj word daar in *The Larousse Encyclopedia of Music* geskryf (Hindley 1975: 432):

Yet, although he has frequently made fruitful use of dissonance and in other compositions has introduced modal elements to his harmony, Shostakovich has never abandoned a basically tonal language for such techniques as polytonalism, atonalism or twelve-note composition.

Temmingh beweer dat enige goeie komponis noodwendig goed onderlê en vertrouwd moet wees met beroemde werke, persone en style. Hy vind dit “moeilik” om sekere briljante idees, soos dié van Sjostakowitsj, nie in sy eie werk te assimileer nie.

Temmingh het in sy studiejare onder Van Baaren en Badings alle avant-garde-tegnieke van die 20ste eeu bestudeer, en selfs 'n paar keer daarmee geëksperimenteer. Voorbeelde van werke waarin sulke tegnieke voorkom, is die *Sonatine vir klarinet en klavier* (1966/1969) en *Musiek vir fluit en orkes* (1966/1969). Die eksperimentele tydperk was egter van korte duur en ter wille van studie-doeleindes.

Slegs twee opnames wat algemeen beskikbaar in die handel is, kon gevind word; albei is opnames van die *Three Organ Pieces* (1995). Hier word 'n duidelike leemte bespeur in die diskografie van die orrelwerke. Daarbenewens is ek van mening dat daar steeds 'n definitiewe behoefte by Suid-Afrikaanse orreliste vir bladmusiek van goeie gehalte koraalvoorspele is. Daar is relatief min gepubliseerde of vrylik verkrygbare bladmusiek wat op die kerkliedere van die Protestantse Afrikaanse kerke gebaseer is. Temmingh stem hiermee saam en is van mening dat hierdie leemte van “variasies op die kerklied” hom juis inspireer om steeds vir die orrelis te

komponeer. 'n Voorbeeld van hierdie “variasies” is te vinde in die *Partitaboekie* wat in 2004 saamgestel is. Hierdie versameling wat deur die komponis self as blote vingeroefeninge beskou word, is in der waarheid 'n waardevolle toevoeging tot die arm Suid-Afrikaanse koraalvoorspel-repertorium.

Vanweë Temmingh se eie Gereformeerde geloof en betrokkenheid by die Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika (GKSA), slaan hy die Geneefse Psalmmelodie hoog aan. Hy inkorporeer hierdie 16de-eeuse musiekgenre graag in sy musiek, selfs in sy absolute musiek soos in die *Konsert in die vorm van 'n Fantasie vir Orrel en Strykorkes*. Hierin gebruik hy onder andere die eerste reëls van Psalms 24 en 116. Hiermee wil nie gesê word dat Temmingh uitsluitlik gebruik maak van Geneefse Psalmmelodieë nie; die eg Suid-Afrikaanse Liederwysie-melodie van Ps. 130 word in die *Variations de Concert* aangetref en voortreflik aangewend.

Bach se orrelmusiek en harmonisasie-reëls het uiteraard 'n groot invloed op Temmingh se komposisiestyl gehad. Hieruit blyk sy liefde vir die vakgebied Harmonie en Kontrapunt wat tradisioneel geskoei word op die beginsels soos vasgelê deur J.S. Bach. As gevolg van Temmingh se deeglike skoling in harmonie en kontrapunt, vermeng hy chromatiese harmonie en die modaliteit van bestaande temas (soms tyds ook effens chromaties gewysig) wat as cantus firmi aangebied word. Dit gee aan Temmingh se orrelmusiek 'n individuele karakter. Jordaan (2009: 64) maak die stelling dat Temmingh 'n wyd uiteenlopende verskeidenheid harmoniese style hanteer, naamlik modaal, tonaal diatonies en chromaties. Temmingh antwoord hierop deur die term “eklekties” toe te ken aan sy sogenaamde harmoniese styl. Die aanwending van (soms gewaagde) onkonvensionele akkoorde en akkoordopeenvolgings, lei daartoe dat Temmingh se orrelmusiek as harmonies opwindend en kleurvol beskou kan word. (Jordaan 2009: 63.) Sover moontlik is die harmoniese verloop van sy orrelmusiek in reëlmatige ritme om 'n rustigheid aan die musiek te verleen. Dit kom veral in die koraalvoorspele voor.

Die moderne Nederlandse orrelskool vorm onbetwisbaar deel van improvisasiekuns. Omdat die laat-Romantiese Franse orrelkomponiste soos César Franck en Marcel Dupré improvisators by uitstek was, was 'n aanvanklike studie van hierdie komponiste se werke onontbeerlik vir Temmingh – dit was deel van sy toerusting. Hy is van mening dat die gebrek in improvisasievaardigheid in Suid-Afrika die gevolg is

van 'n hele paar geslagte van orreliste wat nooit hierin onderrig ontvang het nie. Hy vind dit teleurstellend dat talle Suid-Afrikaanse orreliste nie die noodsaak daarvan insien nie; daarom die min of geen belangstelling wat hulle hiervoor toon. Die orrelis het 'n sekere kreatiwiteitsvermoë hiervoor nodig. Temmingh beweer egter dat die meeste orreliste oor hierdie vermoë beskik en dit maklik kan aanleer. (Temmingh 1984a: 4.) Hy is verder van mening dat die Suid-Afrikaanse musiekonderwysstelsel nie bevorderlik is vir kreatiwiteit onder musiekstudente nie. Die oorsaak hiervan, voer hy aan, is die persepsie onder talle musici dat die uitvoerende kuns uitsluitlik uit die voorspeel of klakkelose reproduksie van repertorium bestaan. Temmingh het in 1983 'n suksesvolle poging aangewend om 'n beginnerskursus in elementêre koraalimprovisasie aan te bied. Die volgende aspekte is behandel (Temmingh 1984a: 4-12; Temmingh 1985: 5-15):

- die speel van verskillende kadense met die verspreiding van note in enige volgorde;
- eenstemmige improvisasie van verskillende nasinne vir gegewe voorsinne;
- praktiese tegnieke om variasie aan te bring by die uitvoering van bestaande harmonisasies;
- verskillende modulاسies met behulp van spilakkoorde;
- die aanwending van tussendominante;
- kontrapuntale verwerking; en
- vryer melodiese, harmoniese en ritmiese hantering insluitend die gebruik van “harmoniese klankvelde”.

Op die vraag of Temmingh dieselfde denkpatrone en tegnieke gebruik vir beide improvisasie en komposisie, antwoord hy as volg (Temmingh 2006b: onderhoud):

As 'n mens improviseer, het jy 'n aantal “truuks” tot jou beskikking. As jy nie meer weet wat om te doen nie, dan val jy terug op een van daardie “truuks”. Met komposisie vermy ek dit natuurlik so ver moontlik. 'n Komponis mag nooit resepmatig wees nie. As 'n mens komponeer, het jy gelukkig meer tyd om na te dink oor iets, terwyl jy dadelik iets moet produseer as jy improviseer. Ja, ek glo egter improvisasie is tog “komponeer-in-die-proses-van-uitvoering” in die klein.

Die sterk invloed wat die Nederlandse improvisasiekuns op hom uitgeoefen het, kom veral na vore in die *Konsert in die vorm van 'n Fantasie* vir Orrel en Strykorkes, die *Chromatiese Fantasie* en *Nkosi I, II en III*.

3.5 Henk Temmingh, die musikoloog en orrelis

Benewens Temmingh se beroepslewe wat grootliks akademiese aanstellings by tersiêre instellings behels het, het hy lewenslank bemoeienis gehad met verenigings en opgetree as kerkmusikus.

Hy dien sedert 1969 op die paneel van musiek-eksaminatore vir praktiese sertifikaat-eksamens by UNISA.

Vanaf 1989 tot 1992 stel hy homself beskikbaar as voorsitter van die komitee van Hoofde van Universitêre Musiekdepartemente.

In 1980 is hy voorsitter van die RGN-werkskomitee wat ondersoek instel na die opleiding van musiekonderwysers vir instrumentale en sangonderrig asook teoretiese vakke.

In 1985 word Temmingh verkies as voorsitter van die uitvoerende komitee van die Suid-Afrikaanse Musiekwetenskapvereniging en in 1990 as voorsitter van die reëlingskomitee van die Nasionale Konferensie van Musiekopvoeders.

Daarbenewens dien hy ook op die rade van TRUK en SAMRO, en is hy 'n stigterslid van die Suid-Afrikaanse Musiekgilde. Hy geniet ook lidmaatskap van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns en was 'n trustee-lid van die South African Music Education Trust (SAMET).

Buiten die reedsgenoemde verpligtinge, word Temmingh se uiters bekwame dienste dikwels aangewend as beoordelaar by onder andere die volgende beurskompetisies: Nasionale Musiekkompetisie vir Hoërskoolleerlinge (Port Elizabeth), SAUK-Musiekprys, Adcock Ingram-beurskompetisie, UNISA se Suid-Afrikaanse en Oorsese Musiekstudiebeurskompetisies, Jim Joel-beurs, SAMRO-beurskompetisie, ATKV Forte- en Prelude-kompetisies, en die Oude Meester-Musiekprys.

Hy dien in 'n adviserende hoedanigheid vir die redaksie van die *Suid-Afrikaanse Musiek Onderwyser*. Hierdie tydskrif is die amptelike publikasie van die Suid-Afrikaanse Vereniging van Musiekonderwysers (SAVMO). Benewens streeksvertegenwoordiger van die Johannesburg-omgewing vanaf 1979 tot 1985, word hy in 1995 verkies as President van die organisasie.

Temmingh was betrokke by die Psalmkommissie wat verantwoordelik was vir die voorbereiding van die nuwe Psalmboek van 2003 van die Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika (GKSA). Weens persoonlike oortuigings het hy hom en sy komposisies aan hierdie projek onttrek.

Hy het die volgende orrelposte beklee: Nederduitsch Gereformeerde Kerk Schoonspruit (Klerksdorp), Nederduitsch Gereformeerde Kerk Mooirivier (Potchefstroom), Gereformeerde Kerk Port Elizabeth, Gereformeerde Kerk Linden (Johannesburg), Gereformeerde Kerk Noordbrug (Potchefstroom) en Gereformeerde Kerk Die Kandelaar (Pretoria). Laasgenoemde gemeente het Temmingh met hulle geesdriftige gemeentesang – veral Geneefse Psalms – in so 'n mate beïndruk dat hy homself daar kon uitleef. Hy beklemtoon goeie kommunikasie tussen woordbediener en kerkmusikus. Improvisatoriese moontlikhede word gereeld deur hom ondersoek, beplan en toegepas in elke erediens waartydens hy voorgaan as musiekleier. (Nagel 2001: 8.)

Buiten Temmingh se akademiese beroepslewe, lewer hy gereelde orreluitvoerings. Radio- en televisie-uitsendings tel onder sy optredes. Sy bydrae as uitvoerende kunstenaar word deur homself beëindig in 1985 weens, soos hy dit self stel, 'n gebrek aan tyd om deeglik voor te berei.

Hy word vandag gereken as een van Suid-Afrika se grootste en mees invloedryke komponiste, veral van orrelmusiek. Die bekende orrelis Gerrit Olivier (2003: 63) skryf die volgende oor die eienskappe van Temmingh se werk:

Die koraalkuns is waarskynlik een van die mees beskeie kreatiewe aktiwiteite waarmee hedendaagse toonkunstenaars hulleself kan besig hou. Dit vereis enersyds beheersdheid en dissipline, andersyds goeie vakmanskap en egte skeppende talent. Die grootste kuns – waaronder die Geneefse Psalmmelodieë ongetwyfeld gereken kan word – is dikwels geleë in die grootste eenvoud. Iemand wat hom met hierdie melodieë wil besig hou, moet

derhalwe daartoe bereid wees om hom te onderwerp aan die eise (soms voorskrifte) van 'n tipe melodie waarvan die skoonheid en krag in soberheid en eenvoud gewortel is. Juis in die eenvoud is die vernuf en "kunstigheid" verskuil. Hierdie tipe kreatiwiteit staan afsydig teenoor enige vorm van breedsprakigheid of vertoosug. Dit verklaar dalk waarom so min komponiste hulle op hierdie gebied wil waag. Terselfdertyd is daar talle voorbeelde van komponiste wat daarin kon slaag om indrukwekkende simfonieë te skryf, maar dit nooit gewaag het op die "beskeie" terrein van die strykkwartet met sy deursigtige tekstuur wat enige tegniese en musikale tekortkominge genadeloos aan die kaak stel nie. Henk Temmingh het hom oor die jare bewys as 'n toonkunstenaar wat die eise van egte koraalkuns in die ware sin van die woord begryp en wat bereid is om sy kreatiewe talent daaraan te onderwerp. Die mees opvallende kenmerk [is dat sy musiek] gestroop is van enige oorbodige noot of skuifteken.

Die meeste van Temmingh se gepubliseerde artikels handel oor die vakgebied Harmonie. Die artikels wat verskyn het na aanleiding van referate wat hy in onderskeidelik 1979 en 1980 gelewer het, is na my mening van onskatbare waarde. Hierin beskou en ondersoek hy die harmoniese ontledingsisteme van F.H. Hartmann, H. Leichtentritt, E.W. Mulder en P. Hindemith. Vir enige musikologistudent wat navorsing doen oor harmoniese analise-sisteme in die 20ste eeu, behoort hierdie dokumente onder addisionele studiemateriaal te tel.

Oor die werk *Vyftig Psalm Harmonisasies en Intonasies* skryf Olivier (2003: 64) die volgende:

'n Mens het hier te make met 'n harmonisasievermoë wat nie alleen gewortel is in besondere begaafdheid nie, maar eweseer in deeglike skoling en lewenslange ervaring as praktiserende kerkmusikus en pedagoog.

Daar word in dieselfde artikel gemeld dat die komponis in die reeds genoemde werk die vermoë toon om relatief eenvoudige harmoniese middele op 'n insiggewende en simplistiese wyse aan te wend en dat daar geen sprake is van "gedwongenheid" of "blote verfraaiing" nie.

Die ander onderwerp wat Temmingh blykbaar interesseer, is die geskiedenis van universitêre musiekstudie wêreldwyd. In 'n reeks van drie artikels wat in *Die Suid-Afrikaanse Musiekonderwyser* van 1970/1971 verskyn het, gee hy aan die leser 'n besondere blik oor die geskiedenis van musiekonderrig aan universiteite. Hy neem die leser vanaf die Middeleeue tot die situasie in die tweede helfte van die 20ste eeu in Suid-Afrika. In hierdie reeks blyk dit dat musiek deur die eeue heen beskou is as

'n wetenskaplike dissipline. (Temmingh 1970a: 7.) Die ondervinding wat Temmingh opgedoen het in die dosering van hierdie vakgebiede, maak die betrokke artikels besonder insiggewend, interessant en bruikbaar. Die meeste van sy musiekwetenskaplike artikels word toegelig met note-voorbeelde.

In die artikel *Die taak van die uitvoerende kunstenaar* definieer hy die rol van die uitvoerende kunstenaar en bespreek hy ook die abstraksie van die ontasbaarheid van 'n goeie uitvoering: musikaliteit-versus-tegniek-versus-aanleg. Verder bespiegel Temmingh oor die simbiose wat noodwendig bestaan tussen die komponis, die uitvoerder en die konsertganger. (Temmingh 1986: 23-28.)

In die tydskrif van die Suid-Afrikaanse Kerkorreliste Vereniging (SAKOV), *Vir die Musiekleier* (2003: 28-34), spreek hy sy kommer uit in die artikel getiteld "Weereens Improvisasie". Hy kritiseer die hedendaagse apatie onder orreliste ten opsigte van hierdie vaardigheid. Praktiese wenke vir die orrelis word in detail uiteengesit en aan die hand van literatuurvoorbeelde geïllustreer. Vir sy jarelange bydraes het SAKOV onlangs erelidmaatskap aan Temmingh toegeken.

Die laaste artikel wat as noemenswaardig geag kan word, is gepubliseer in die tydskrif *Nuclear Active*. In die artikel genaamd "Music of the particles" verwoord Temmingh sy bevindinge oor die navorsing wat hy gedoen het oor die sogenaamde "atomiese musiek". Hy kom tot die gevolgtrekking dat dit nie bestaan nie, maar dat daar tog 'n analogie bestaan tussen die ontwikkeling van musiek-idees in die gebied van komposisie, en die opsplitsing van atome in die atoomwetenskap.

Tydens die gesprekke wat met die komponis gevoer is, het die volgende kwaliteite van sy persoonlikheid na vore gekom: welsprekendheid, vakkundigheid, sobere en praktiese denkwyse, opregte Christelike geloof en 'n passie vir die orrel en komposisie. 'n Sin vir humor blyk duidelik uit die spitsvondige titels van sekere van sy komposisies: *Ses Sariasies* (variasies op *My Sarie Marais*), *Iapi mei scapi* (*Japie my skapie*), *Farri Hasies – Goudie Hamoes* (variasies op *Gaudeamus Igitur*), *3 Mors so – Prullude*, *Kraal en Sjiem* (prelude, koraal en gigue), *Twee Vergaderings van Potch-Proffe*.

HOOFSTUK 4

Gevolgtrekking

4.1 Beantwoording van die subnavorsingsvrae

- Watter komponiste lewer 'n bydrae tot Suid-Afrikaanse orrelmusiek?

Die twee belangrikste bronne oor Suid-Afrikaanse orrelmusiek en komponiste tot dusver is geraadpleeg om 'n oorsig te gee van watter komponiste 'n bydrae gelewer het en steeds lewer. Ander bronne soos die internet tesame met persoonlike kontakmaking met komponiste het my verder gelei om die huidige situasie in Suid-Afrika op te som.

Orrelkomponiste is in drie groepe verdeel, naamlik Outentiek Suid-Afrikaanse, Elders-gebore Suid-Afrikaanse en Verplaasde Suid-Afrikaans-gebore komponiste. Daar kon slegs 17 komponiste geïdentifiseer word wat sedert 1980 komposisies gelewer het vir die konsertorrel. Sedert 1980 staan Jacobus Kloppers en Henk Temmingh uit as die komponiste wat die meeste bydraes tot die Suid-Afrikaanse konsertliteratuur vir die orrel gelewer het. Willem Mathlener het die meeste orrelkomposisies verskaf: uitsluitlik kerkmusiek in 'n streng konvensionele styl.

Daar is bevind dat die *Liturgiese Orrelmusiek*-reeks (*LOM*) die mees noemenswaardige toevoeging tot die Suid-Afrikaanse orrelliteratuur is, maar dat die meeste bydraende komponiste (met die uitsondering van Jacobus Kloppers, Winfried Lüdemann en Henk Temmingh) nie meer komposisies lewer nie. SAKOV en SAMRO is die enigste organisasies wat steeds opdrag-orrelwerke vra sedert die herbedeling van die SABC en ontbinding van die provinsiale kunsterade (vanaf 1994).

- Wat is die belangrikste biografiese besonderhede van die komponis Henk Temmingh?

Die hoofbron vir Henk Temmingh se biografiese gegewens, is die komponis self. Ander bronne, dikwels onvolledig en foutief, is ook geraadpleeg om 'n betroubare biografie in die vorm van Hoofstuk 3 saam te stel. Die hoofstuk se

onderafdelings word ingedeel volgens die hoedanighede wat die komponis uitgeoefen het deur sy lewensgeskiedenis tot dusver: student, pedagoog, komponis, musikoloog en orrelis.

4.2 Beantwoording van die hoofnavorsingsvraag

- Hoe kan 'n gedetailleerde katalogus van Henk Temmingh se orrelwerke saamgestel word?

'n Katalogus kan saamgestel word slegs indien genoegsame inligting aangaande die werklys van die onderwerp beskikbaar is. Aangesien hierdie inligting oor Henk Temmingh geredelik beskikbaar is, alhoewel meestal onvolledig, en omdat die komponis geraadpleeg kon word, kon die inligting op 'n wetenskaplike wyse saamgevoeg word in die vorm van 'n gedetailleerde katalogus. Ander metodies verskillende katalogusse is geraadpleeg in 'n poging om vas te stel waarvolgens die versamelde data gerangskik moet word. Daar is besluit op die volgende parameters:

- titel;
- unieke Henk Temmingh Orrelwerke-nommer (HTOW-nommer), toegeken aan die solo-orrelwerke deur die skrywer van die mini-verhandeling;
- dele waaruit die werk bestaan;
- temas gebruik;
- datum en plek van voltooiing;
- deur wie die werk gepubliseer, geset, gedruk of versprei is;
- vir wie die werk in opdrag gekomponeer is/aan opgedra is; en
- besetting/instrumentasie.

Aangesien die skrywer 'n globale oorsig van die komponis se werk wil toon, is die inskrywings (insluitend solo- en ensemble-werke) chronologies gerangskik. Sekere komposisies wat nie elders gelys word nie, is met die komponis se toestemming op grond van die spesifieke besetting/instrumentasie gegroepeer en getitel: *Drie Verwerkings* (1989) en *Vier Verwerkings* (1989). 'n Lys afkortings/akronieme is voorin die katalogus

verskaf ten einde die data meer beknopt aan te bied. Die doel van die katalogus is dus om inligting aangaande Temmingh se orrelmusiek op 'n doeltreffende wyse aan te bied vir verdere navorsing. Die volgende vrae is belangrik ten einde 'n goeie, betroubare dokument op te stel:

- Is die data maklik leesbaar en vinnig ontginbaar in kolomme?
- Is die data feitelik, volledig en bruikbaar?
- Is die data beknopt maar steeds duidelik gerangskik?
- Is die data in die regte volgorde gelys?
- Is die data oortuigend, konsekwent en akkuraat?

4.3 Probleme ondervind tydens die studie

In 'n SABC-opname waarin die komponis oor sy eie werk praat, erken hy dat hy nie boekhou van wat hy as komponis lewer nie. Opdragwerke word aan die ontvanger oorhandig, sonder dat Temmingh kopieë daarvan hou. Die beskeidenheid en hoë eise wat die komponis aan homself stel, lei daartoe dat daar met vele komposisies weggedoen word. Temmingh het ook nooit die moeite gedoen om opusnommers aan sy werke toe te ken nie. (SABC 1975: opname.) Dit op sigself het die soektog na Temmingh se orrelmusiek bemoeilik.

In die vrye handelsmark bestaan daar, tot dusvêr bekend, slegs twee opnames van Temmingh se orrelmusiek. Beide opnames is dié van die *Three Organ Pieces*. 'n Klankbeeld van die res van Temmingh se orrel-oeuvre was dus slegs moontlik deur die werke van die blad te speel. Dit op sigself is problematies as gevolg van die hoë eise wat die konsertstukke aan die orrelis stel.

4.4 Voorstelle vir verdere studie

Hierdie mini-verhandeling kan dien as 'n beginpunt vir navorsing oor die onderwerp. 'n Toekomstige bespreking van Temmingh se orrelwerke behoort verder lig te werp op die styl en werkswyse van die komponis. Omdat die meeste van Temmingh se orrelwerke redelik sterk rus op 'n boeiende harmoniese onderbou, behoort harmoniese analise die volgende logiese stap te wees.

Die *Konsert in die vorm van 'n Fantasie vir Orrel en Strykorkes* is geïdentifiseer as Temmingh se mees uitgebreide komposisie vir orrel (met of sonder ander instrumente). Aangesien die *Konsert* onder sy onlangse komposisies tel, kan die noukeurige bestudering daarvan volgens my mening 'n omvattende stylbegrip van Temmingh se orrelkomposisies tot gevolg hê. Hierdie werk is nie gepubliseer of gereedelik beskikbaar nie. Met 'n ontleding hiervan sou die komponis se komposisiemetodiek en komposisie-tegnieke blootgelê word.

Om verdere studie te vergemaklik, word voorgestel dat daar 'n poging deur orreliste aangewend word om professionele opnames van Temmingh se orrelmusiek te maak. Sodoende sal 'n belangrike skat van Suid-Afrikaanse kunsmusiek vir die toekoms vasgelê word.

4.5 Slotwoord

As die katalogus (Bylae) bestudeer word, word dit duidelik dat die komponis se werk eerstens gekenmerk word deur 'n ondertoon van die voorliefde vir die modale Geneefse Psalm en ander melodieë uit die kerkmusiekliteratuur. Dit is veral sigbaar in beide die (meestal kort) koraalverwerkings ("Gebrauchsmusik") en die meer uitgebreide werke vir konsertorrel.

Sedert Temmingh se studiejare in Suid-Afrika en Europa het sy komposisiestyl en musiektaal gaandeweg getransformeer. Die Nederlandse avant-garde-beweging het hom nie lank gefassineer nie. Om 'n nuwe unieke styl te ontwikkel het hy eerstens op sy eie intrinsieke skeppingsdrang gereageer, en tweedens is hy deur die komponiste en komposisies wat 'n groot indruk op hom gelaat het, geprikkel. J.S. Bach, die Nederlandse improvisators soos Cor Kee, die impressioniste, en veral Dmitri Sjostakowitsj se musiek is voorbeelde hiervan. Hy is ook vanselfsprekend grootliks deur die aanhouders van sy musiek gelei. So ontwikkel hy 'n styl waarin hy kan kommunikeer met 'n vaste, geskoolde fondament van ou vorme en tegnieke, vermeng met sy eie unieke toonspraak. Na aanleiding van die onderhoude en bestudering van die orrelwerke kan Temmingh se orrelstyl die beste beskryf word as 'n sintese van Franckiaanse chromatisisme en 'n hoogs persoonlike – en somtyds selfs dramatiese – interpretasie van Barokvorme en kerkmodusse.

